

WOORD & DAAD

Uitgegee deur / Published by:
Die Reformatoriese Beweging van
Suid-Afrika in samewerking met die
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte /
The Reformational Movement of
Southern Africa in coordination with the
Bureau for Scholarly Journals

●
SOMER-UITGAWE – 2010
SUMMER EDITION – 2010
Vol. 50 no. 414

●
REDAKTEUR /
EDITOR
Marlies Taljard

●
ARTIKELREDAKTEURS /
FEATURE EDITORS

Bennie van der Walt, Michael Heyns,
Willemien du Plessis, Pieter Buys,
Leentje de Lange, Marlies Taljard, Jan
Swanepoel

●
MEDEWERKENDE REDAKTEURS /
CONTRIBUTING EDITORS

Lourens du Plessis, Nic Olivier,
Attie van Niekerk, Johan Snyman,
Allan Munro, Amie van Wyk

●
BUROBESTUURDER &
TEKSVERSORGING /
BUREAU MANAGER & TEXT EDITING:

Susan Lourens

FORMATERING / FORMATTING:

Santie Lourens
Bertha Oberholzer

FINANSIES & ADMINISTRASIE /
FINANCE & ADMINISTRATION:

Erika Otto

●
Redaksionele stukke en
korrespondensie /

Editorial articles and correspondence:

Woord en Daad / Word and Action

Privaatsak / Private Bag X6001
POTCHEFSTROOM 2520
RSA

●
Tel. (018) 299-4081
Faks/Fax 086 564 7983

E-pos / e-mail:

Susan.Lourens@nwu.ac.za

●
FUNKSIONARISSE / OFFICIALS

Jan Swanepoel

(Voorsitter/Chairman REBSA / REMSA)

Amie van Wyk

(Visevoorsitter / Vice chairman
REBSA / REMSA)

●
INTEKENGELD / SUBSCRIPTION:

RSA R80; Ander / Other \$45

●
Gedruk deur / Printed by
IVYLINE Technologies,
Potchefstroom
VOORBLAD – Erika Otto
BWT



INHOUD

HOOFARTIKEL

- 1 Regte
Marlies Taljard

PRINSIPIËLE BESINNING / REFLECTION

- 3 Informasie oorlading?
P.G. Snyman

MENINGS EN INLIGTING / OPINIONS AND INFORMATION

- 9 Educational associations in the Kuyperian tradition
R. Coletto
- 13 Die regte van gemarginaliseerdes
Amanda Gouws
- 17 Suur mynwater
T. Harmse
- 21 Het klassieke musiek 'n toekoms in Suid-Afrika?
B. Spies
- 25 Afrikaans, 'n Afrikataal? 'n Totale mistasting
N. Swanepoel
- 30 Verstikkende verkrampde verligtheid
D.C. Coetsee

RESENSIES

Resensies verskyn op p. 8, 20, 24, 29, 33-36

Die menings in WOORD EN DAAD uitgespreek, weerspieël nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Opinions, views and conclusions published in WORD AND ACTION are those of the authors and not necessarily those of the Editorial Board.

Regte

Daar is waarskynlik min ander lande ter wêreld waarin menseregte so dikwels in private gesprekke én in die openbare diskoers voorkom as in Suid-Afrika. Hier te lande ken die meeste laerskoolkinders reeds die betekenis van hierdie woord. Oor die algemeen sou 'n mens kon beweer dat Suid-Afrikans besonder bewus is van hulle demokratiese regte en nie huiwer om die voorwaardes en die implikasies van die Handves van Regte in die konstitusionele hof te beveg en te toets nie. Dit pas politici en andere om dikwels in die openbaar daarop te wys dat Suid-Afrikans elders ter wêreld bekend staan as mense wat trots is op hulle jong demokrasie met sy hipermoderne grondwet. Sulke stellings kan moeilik gestaaf word, omdat dit veralgemeen, net soos stellings dat die meerderheid van Suid-Afrikans se lewensuitkyk radikaal verskil van die waardes wat deur die grondwet onderskryf word.

In die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996) neem menseregte 'n prominente plek in. Artikel 1 van Hoofstuk 1 van hierdie wet bepaal dat die Republiek van Suid-Afrika gegrond is op die waardes van onder andere menswaardigheid, gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede. Hoofstuk 2 van die Grondwet bevat die Handves van Regte, wat wêreldwyd as een van die mees moderne menseregte wette beskou word, veral omdat dit 'n verbod op diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie bevat. Hierdie Handves maak daarop aanspraak dat dit "'n hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika" is en "verskans die regte van alle mense in ons land, terwyl dit ook die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid" bevestig. Die reg tot lewe, gelykheid, menswaardigheid, vryheid van uitdrukking, godsdiens en assosiasie kom redelik algemeen in die meeste lande se grondwette voor. Dit is tipiese eerste generasie regte. Volgens Hoofstuk 2 (Artikel 26 en verder) is die Staat verplig om, onder andere, behuising,

water, gesondheidsdienste en basiese onderwys te verskaf – tipiese tweede generasie regte. Volgens Artikel 24 van Hoofstuk 2 ('n derde generasie reg) het elkeen die reg

(a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie; en (b) op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat – (i) besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom; (ii) bewaring bevorder; en (iii) die ekologiese volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker.

Die Suid-Afrikaanse gemeenskap verkeer steeds in 'n oorgangsfase en daarom moet die beginsels van die nuwe demokratiese orde nog vasgelê en ingeskerp word. Potensiële verskuiwingslyne (ras, etnisiteit, geslag, klas en toegang tot hulpbronne) moet binne die konteks van 'n demokratiese konstitusionele orde hanteer word, sodat die demokrasie nie in duie stort nie. Die grondwet is 'n sosiale kontrak wat afhanklik is van die insette van gewone mense en wat die regte van gewone mense beskerm. Daarom moet dit deur almal – insluitend die staat – eerbiedig en beskerm word as 'n instrument van sosiale transformasie waarmee die meerderheid mense in Suid-Afrika kan identifiseer.

In hierdie uitgawe van *Woord en Daad* verskyn 'n aantal artikels wat fokus op menseregte en grondwetlike beginsels. In haar artikel "Die regte van gemarginaliseerdes" omskryf Gouws die term *gemarginaliseerdes* en sit die probleem van toepassing van menseregte binne die huidige politieke bestel uiteen. Harmse fokus onder andere op Artikel 24 (Hoofstuk 2) van die Grondwet, waarin die regering se verantwoordelikheid ten opsigte van 'n gesonde omgewing uiteengesit word, wanneer hy die gewraakte kwessie van suur mynwater aan die Witwatersrand onder die loep neem. Swanepoel se artikel "Afrikaans: Afrikataal" laat val 'n baie interes-

sante perspektief op taal en taalregte in Suid-Afrika waarin aktuele vrae aan bod kom. Snyman se artikel "Informasie-oorlading?" vra netelige vrae omtrent elektroniese media en raak by implikasie aan die regte van die individu ten opsigte van vryheid, privaatheid en die uitoefening van keuses.

Verder is daar 'n insiggewende artikel deur Coetsee waarin die vraag gevra word of die terme *verlig* en *verkramp* nog binne die

Nuwe Suid-Afrika relevansie het. Spies beredeneer die toekoms van klassieke musiek in Suid-Afrika en Coletto volg 'n vorige artikel op deur weereens Kuyperraanse verbintenisse in die onderwyssektor te ondersoek en te wys op die bonus wat die onderwys as geheel kry wanneer Christene dwarsoor die spektrum van denominasies heen met mekaar begin saamwerk.

Marlies Taljard
(Uitgaweredakteur)

WOORD & DAAD op die internet! /

WORD & ACTION on the internet!

http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html

Gebruikersnaam en wagwoord kan aangevra word by:

UserID and password can be obtained from:

Erika.Otto@nwu.ac.za

Informasie-oorlading?

P.G. Snyman (emeritus)
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Mense word daagliks met informasie oorstrom. Hoe hanteer hulle die oorfloed? Wat behoort hulle daaromtrent te doen?

Die daaglikse toestroming kom van koerante, tydskrifte, die radio, televisie, internet, landlyntelefone, mobiele telefone en talle hedendaagse toestelle, in die meeste gevalle met die druk van 'n knoppie of die rondskuif van die muis.

Daar is ook sosiale netwerke, soos *kletswerke*, *facebook*, *twitter* en *skype*. Met die mobiele telefone (selfone) word ook foto's geneem wat binne sekondes na baie mense gestuur kan word. SMS'e per selfoon het die geselswyse van ongelooflik baie mense geword. Hierdeur word die vinnigste kontak oor 'n afstand tussen mense bewerkstellig. Die selfoon het boonop 'n medium vir e-posse geword. Die selfoon gaan saam in 'n mens se sak waar jy ook al gaan.

Informasie kom van oral in die wêreld af, selfs van die ruimtes buite die aarde. Die wêreld het klein geword.

Informasie kom van oral in die wêreld af, selfs van die ruimtes buite die aarde. Dit word moontlik gemaak deur die moderne tegnologie soos snelverkeer, ruimte-reise en satellietkommunikasie. Die wêreld het klein geword.

Daar is duisende waardevolle biblioteke wat opgegaarde inligting bevat waar mense noodsaaklike inligting kan kry; ongelukkig is baie daarvan in vele vakgebiede verouderd. Tog kan die inligting onder bepaalde omstandighede aktueel word.

Natuurlik "oorstrom" die inligting mense nie vanself van 'n kant af nie. Dit gaan eintlik om die beskikbaarheid en beskikbaarstelling van inligting. Mense is ook nie passiewe of willose ontvangers nie. Agter die toestroming is daar 'n enorme hoeveelheid menslike kundigheid, bedrywigheid, inspanning en tydsbesteding met bepaalde motiewe, gesindhede, gerigheid, doelstellings en selfs 'n professionele aanpak om oogmerke te bereik.

Aan die ontvangerskant is daar ook mense met nodighede (belange), agtergronde, gesindhede, oogmerke, motiewe en gerighede, asook bepaalde kundighede en verwagtings. Daar is mense wat daarop ingestel is om inligting van allerlei aard en verskeidenheid te soek, selfs met 'n spesiale kundigheid en toespitsing om die inligting te beoordeel en professioneel te gebruik.

Daar is egter ook baie passiewe mense wat onbelangstellend en onverskillig aangaande inligting is, of dit beskikbaar is of nie. Soms gaan dit vir diegene bloot om hulle daaglikse oorlewing en basiese lewensbehoefte. Selfs daarvoor het mense inligting nodig. Om met iemand te praat, is dit bloot nodig om so iemand binne sig- of hoorafstand te hê. Hier speel die moderne media nog geen rol nie, of hoogstens 'n beperkte rol. Hier is nie sprake van 'n informasie-oorfloed nie.

In hierdie artikel is die toespitsing op die informasie-oorfloed. Om dit te verstaan, moet die aard en betekenis van informasie, of inligting, bepaal word. Hiervoor is 'n bondige sosiaal-antropologiese agtergrond nodig, want dit gaan om mense wat ander mense inlig en mense wat ingelig wil wees. Bo alles gaan dit om die mens en sy/haar plek, verhoudings, belange en doen en late in die wêreld.

Daar is uiteenlopende mensbeskouings. Die skrywer van hierdie artikel gaan uit van 'n Christelike visie sonder om die verskille met ander sienings te behandel of om die vlag vir 'n bepaalde kerk of instansie te swaai.

Die uitgangspunt hier is die openbaring wat in God se Woord gegee is oor God drie-enig as die Almagtige, Algenoegsame en Absolute skepper en onderhouer van hemel en aarde wat soewerein oor sy handewerk beskik en daarvoor regeer en dit bestier. God regeer oor al die geskape dinge ingevolge die wetsorde wat Hy daarvoor gestel het. Al die geskapes en die moontlikhede daarvan behoort aan God. Dit is sy eiendom. In 'n besondere sin openbaar God hom ook in sy Seun, Jesus Christus.

Die skepping openbaar self ook dat dit die kreatuurlike, onselfgenoegsame en afhanklike maaksel van die Algenoegsame, Ewige en Absolute Skepper is. Die geskape wys heen na die Skepper.

Die Skrif openbaar dat die mens as beeld van God geskape is met 'n besondere plek en opdrag in God se skepping, naamlik om as sy verteenwoordiger te heers en die aarde te bewoon en te bewerk.

Om bogenoemde fundamentele waarhede in die lig van die Skrif te verstaan en gelowig te aanvaar, is die konteks waarbinne die mens as skepsel van God geken kan word. Die Skrif openbaar iets besonders omtrent die mens, naamlik dat die mens, man en vrou, as beeld van God geskape is met 'n besondere plek en opdrag in God se skepping. Hierdie opdrag is om as sy verteenwoordiger te heers en die aarde te bewoon en te bewerk. Gewoonlik word gesê dat die mens as rentmeester aangestel is. Dit behels dat die kreatuurlike, onselfgenoegsame mens die aarde moet bewerk en versorg in onderworpenheid aan God se

wil, waaronder God se wetsorde, waarby norme en allerlei behore ingesluit is.

Die Skrif openbaar ook dat die mens ongehoorsaam was en daarmee verantwoordelik is vir die sondeval wat tot sy en die skepping se gebrokenheid gelei het. Met hierdie feit moet rekening gehou word in die mens se verhouding tot God, sy medemens en die aarde waartoe hy behoort, asook met al sy doen en late.

Om te kan doen wat hy as mens in al sy verhoudings behoort te doen, sy take te verrig en kultuur te vorm, is die mens met talente en gawes begiftig. Allerelei moontlikhede is aan hom toevertrou. Hy is as toegeruste skepsel op die aarde geplaas om op 'n menslike wyse te doen waarvoor hy geskape en geroepe is. Om dit alles goed te doen, behoort hy aan God se wetsorde te voldoen. Teenoor hierdie moontlikhede *van* hom (dit wat aan hom behoort, sy talente en gawes) is die moontlikhede *vir* hom gestel in die situasie waarbinne hy hom telkens in sy gegewe wêreld bevind en waaromtrent hy iets behoort te doen. Die mens moet naamlik doen wat sy hand vind om te doen.

'n Vollediger mensbeskouing kan nie hier gegee word nie. Met die oog op die informasie-oorklading wat aan die orde gestel is, is dit nodig om te let op die volgende bepalings aangaande die mens, naamlik die mens as kennende, belanghebbende en belangstellende en handelende wese. Belang en belangstelling kan as die skakel tussen kennis en handeling beskou word.

a) *Die mens as kennende wese.* Die mens is 'n kennende wese omdat hy die moontlikheid het om te kan ken, want hy het 'n kennaanleg, kenaktes en kenfunksies. Die mens kan ook ken op grond van die kenbaarheid van alles wat aan hom toevertrou is om te kan ken.

Deur te ken, ontmoet die mens dit wat kenbaar is. Hieronder is die openbaring van God in Woord en werk, asook die wêreld en alles wat daarin is. Hierby is die ontwarende ontmoeting van die mens betrokke met iets wat kenbaar gegee is, en

die onthullende aard van die kenbare iets. Die mens is bewus van iets waarby hy betrokke is, en hierdie "iets" is van sy kant ook by die mens betrokke. Daar is 'n wedersydse betrokkenheid.

Die mens oriënteer hom omtrent iets en hy vind hom daaromtrent tereg.

Die mens oriënteer hom omtrent iets en hy vind hom daaromtrent tereg. *Teregvinging* is die tipies menslike teenoor *aanpassing* by byvoorbeeld diere.

Die mens het kennis (inligting, informasie) konstitutief nodig vir alles wat hy doen of laat. Kennis is nodig as middel vir sy taakbehartiging, naamlik oral waar die mens moet bepaal wat hy moet doen, hoe en waarom hy dit moet doen. Kennis is nodig vir insig, oorsig en deursig, vir beoordeling, besluite en handeling. Dit betref alle lewensterreine. Dit betref 'n wedersydse betrokkenheid van mens en wêreld. Hierdie betrokkenheid vereis dat die mens kenkend daarop antwoord met 'n teregvinging in die wêreld. Dit behels 'n oriëntering waarvolgens die mens sy posisie bepaal en op die hoogte van sy tyd te wees.

- b) *Die mens en belange.* Hier is die verband van kennis en menslike handelings ter sake. Die belang is iets wat die kenner en die betrokke kenbare iets verbind. In die verhouding is die iets gegee wat vir die mens van belang is. Verhoudings impliseer belang. Dit druk deelhebbing en betrokkenheid van die mens aan 'n ander, 'n saak of 'n gebeurtenis uit. Belange druk 'n verhouding tussen byvoorbeeld 'n baba en sy voeding uit. Kennis kan self so 'n belang wees. 'n Mens het kennis (inligting, informasie) nodig, vir die verstaan van sy situasie en sy betrokkenheid.

'n Mens het kennis (inligting, informasie) nodig vir die verstaan van sy situasie en sy betrokkenheid.

- c) *Die mens as handelende wese.* In alle opsigte is die mens nie net kennend en belanghebbend anders en uniek nie, maar ook as handelende wese. Dit word net stellend aangebied, omdat die plek ontbreek om in hierdie artikel uitvoerig daaroor te handel.

Handeling is telkens verbind aan 'n situasie. Die mens kan nie anders nie as om in 'n situasie te wees wat hom voor alternatiewe moontlikhede stel waarvoor hy 'n standpunt moet inneem en 'n keuse moet maak. Hy moet bewustelik kies en besluit. Daarop beplan hy wat om te doen en hoe hy moet handel. Die onmiddellike oogmerk van die handeling is om die situasie te beheers. Die kriterium vir sy handeling is dat dit vrugbaar moet wees. Dit het betekenis vir die lewe.

By menslike handeling is die mens se ingesteldheid van belang.

By menslike handeling, by al sy doen en late, is die mens se ingesteldheid van belang. Dit betref alle tipes menslike handeling, ten opsigte van die mens se heers en beheersing, kultuurskepping, versorging en die dien van God.

Met hierdie ingesteldheid gaan dit om die mens se gerigtheid tot die werklikheid en behorensiese (dit wat hy behoort te doen), asook om sy en ander se belange en die gesindheid van sy hart. Die gesindheid is nie net 'n saak van kennis nie, maar ook 'n saak van liefde. Die gesindheid is 'n gerigtheid vanuit die hart tot die belange wat 'n aanspraak op hom maak in 'n bepaalde situasie waarop hy met belangevinding en belangstelling antwoord.

Deurdat die mens kan kies, is hy toerekenbaar, en kan hy rekenskap gee.

Betreffende die mens as handelende wese moet ook beklemtoon word dat hy/sy toerekenbaar en verantwoordelik is. Dit is op grond van die menslike kiesmoontlikhede en keuses.

Deurdat die mens kan kies, is hy toerekenbaar, en kan hy rekenskap gee waarom hy juis dít kies en nie dát nie, waarom hy juis só handel en nie sús nie, waarom hy juis dít doen en nie dát nie.

Elke lewensituasie met sy moontlikhede maak 'n appèl op die mens en hy kan nie anders nie as om te kies. Deur te kies en dan te handel, begin hy met 'n reeks nuwe handeling waarvoor hy ook rekenskap moet gee.

Die mens is in 'n dubbele sin refleksief bewus, want hy weet wat hy doen, dat hy doen of kies en hoe hy dit doen. Hy kan ook voorsien wat die gevolge is van wat hy doen, omdat hy dit beoog. Die mens is daarom toerekenbaar.

Binne kreatuurlike perke kan die mens enigiets kies, hy kan kies om juis só te handel en nie sús nie. Sy keuses is egter ook normgebonde, en daardeur is hy verantwoordelik.

Vir menslike verantwoording behoort ook die belange en belange-orde in berekening geneem te word, want dit stel ook 'n behore vir menslike keuses en handelings. Dit betref ook keuses betreffende belange.

Bogenoemde beknopte en onvolledige visie betreffende die mens en sy plek en take op aarde is gegee om as konteks te dien vir 'n beoordeling en hantering van die probleem van informasie-oormoed wat aan die orde gestel is.

Met die rekenaar waarmee ek besig is om hierdie artikel te skryf, het ek toegang tot 'n oorfloed inligting. Die inligting oorstroom my nie. Met die rondskuif van die muis en 'n klik kan ek soek wat vir my van belang is en kies wat ek nodig het, of wat

die lewenskring nodig het waartoe ek behoort, of wat die samelewing nodig het waarbinne ek my bevind. Mense is sosiale wesens. Hulle bestaan nie net as individue nie. *Es gibt kein Individuelles ohne Soziales.* Sosiale kringe het ook 'n belang by inligting.

So gaan 'n mens ook te werk met koerante, die radio, televisie, selfoon, sosiale netwerke. 'n Mens kies na watter een van hulle jy jou gaan wend om die inligting te kry wat jy nodig het. Jy kies op grond van die betroubaarheid van hierdie of daardie medium en op grond van jou vertrou.

As seleksienorm vir jou keuse van inligting geld dat dit vir jou in jou situasie *relevant* moet wees. Wanneer 'n mens se huis se dak lek as dit reën, is dit nie relevant om te weet wat jy vir jou rose moet gee om goed te groei nie.

Vir die inligting wat jy nodig het, geld die norm dat dit *waar* moet wees. Dit bepaal jou keuse.

'n Riglyn vir jou keuse van inligting is dat jy die privaatheid van mense en van groepe behoort te respekteer.

'n Riglyn vir jou keuse van inligting is dat jy die *privaatheid* van mense en van groepe behoort te respekteer. Elke mens en elke groep het 'n private sfeer wat ander mense en groepe nie aangaan nie.

Wanneer 'n mens hom bemoei met onbenullighede, mors hy sy tyd. Dit beteken dat inligting van *betekenis* moet wees, 'n bepaalde *gewig* moet hê in die belange-orde van dinge.

Scott Ashley, besturende redakteur van *Good News* (Julie-Augustus 2010) sê betreffende die informasie-oormoed: "Don't let yourself be continually distracted by the trivial, insignificant things that will consume your time and leave you frustrated and empty."

Natuurlik is daar inligting omtrent aangeleenthede van 'n ligter aard wat 'n mens

laat lag, wat vermaaklik (*entertaining, Unterhaltung*) is. Mense het dit ook nodig.

Betreffende inligting behoort ook in gedagte gehou word dat dit mense laat *meelewe*. Dit kan ook keuses beïnvloed.

Dit is belangrik om die kontekste van inligting oor gebeurtenisse, die toedragte van sake en tendense by keuses in gedagte te hou.

Dit is ook belangrik om die *kontekste* van inligting oor gebeurtenisse, die toedragte van sake en tendense by keuses in gedagte te hou. Die hierbo genoemde Scott Ashley beklemtoon: "Focus on what is really crucial – the all-important good news of God's Word." Dit is belangrik vir 'n mens se verstaan van situasies, gebeurtenisse en die toedragte van sake.

Ashley stel tereg dat die mens die goeie nuus van God se Woord ook by keuses in gedagte behoort te hou, want daarsonder verblind ons onself. Die mens verblind sigself vir wat God deur sy skeppingsdaad gedoen het, vir sy regering en instandhouding van sy skepping, sy verlossing van die mens en die skepping by die kruisdood van Christus en sy opstanding uit die dood en die hoop op sy wederkoms.

Daarsonder verblind die mens sigself vir die roeping wat God aan hom/haar gestel het, naamlik om te dien en te sorg in alles wat sy hand vind om te doen.

Met hierdie visie kan ons inligting oor natuurrampe soos die aardbewing en tsoenami en die nagevolge daarvan in Japan, die verwoestende aardbewing by Christchurch, Nieu-Zeeland, en by Haïti en Chili, asook vloede, rotsstortings en tornado's benader met die besef van menslike kleinheid, onmag en afhanklikheid.

In die lig daarvan behoort die mens hom ook tereg te vind in 'n wêreld waar ons daaglik strome inligting ontvang oor moorde, verkragtings, oorloë, opstande, vernielsug, onvrede, bullebakkerie en heb-

sug. Die mens moet hom tereg vind in 'n gebroke wêreld vol boosheid. Hierdie menslike toedoen en boosheid, komende uit eie hart, is die sleepsele van die sondeval wat die Skrif openbaar.

In die huidige bedeling is inligting nodig, nie net vir veiligheid nie, maar ook om die boosheid te bestry. Vir gelowiges is dit 'n heilige roeping.

Mense moet hulle tereg vind in 'n wêreld van grootskeepse werkloosheid en verontmenslikende armoede en ontmagtende uitsigloosheid. Die inligting daarvoor roep om hulpverlening.

Menslike tegnologiese ontwikkeling het met die ontwikkeling van die rekenaar en al die ander media wat vroeër genoem is, 'n nuwe wêreld tot stand gebring – die wêreld van die informasietegnologie en snelverkeer. Dit is 'n nuwe wêreld waarbinne mense hulle op die hoogte behoort te stel en waarbinne mense hulle tereg behoort te vind, hulle plek behoort te bepaal en die tekens van die tye reg behoort te beoordeel. Dit is ook 'n wêreld van oorbenutting van aardse hulpbronne, van aardverwarming, water- en lugbesoedeling, probleme wat die bewoonbaarheid van ons woon- en werkplek in gevaar stel.

In die huidige bedeling is inligting nodig vir veiligheid en ook om die boosheid te bestry.

Daar word al gepraat van *kuberboelies*. Omtrent 'n Australiese skoolmeisie word berig dat sy 'n Facebook-uitnodiging aan haar skoolvriende gerig het om haar verjaardagparty by te woon. Toe laat 200 000 mense weet hulle sal by haar huis opdaag vir die viering. Dit wys wat met Facebook gedoen kan word. Daar word beweer dat die selfoon in 'n belangrike mate gebruik is om die opstande in Egipte, Tunisië, Libië en ook moontlik elders, te organiseer.

Professor Sherry Turkle van Massachusetts beweer dat Twitter, Facebook en SMS'e nie persoonlike verhoudings verbeter nie, al maak dit kontak makliker.

Persoonlike omgang word desondanks verminder. Ander besware wat geopper word, is dat kinders te veel met selfone besig is of te veel televisie kyk en moontlik met bedenklike kykstof sonder ouerbegeleiding te doen kry. Is hier 'n ander vorm van verslawing aanwesig? Dalk *kuberver-slawing*?

In so 'n wêreld behoort die mens sy roeping toerekenbaar en verantwoordelik uit te voer deur vir die aarde te sorg en die ware menslikheid van die mens te bevorder.

Hanekom, Braam & Mariette. 2010. Ontdek jousef voor God. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 229 p. Prys: R99,50. ISBN: 978-1-77000-921-9.

Resensent: P. Styger
Potchefstroom

Hierdie sagtebandboek, wat dunner as sy 232 bladsye lyk, het my met belangrike vrae gelaat nadat ek dit gelees het. Hoe gaan 'n mens 'n tiener oorreed om hierdie boek te lees, hoe gaan 'n mens 'n depressieleier oorreed om hierdie boek te lees, hoe gaan 'n mens enigiemand wat na die sin van die lewe soek, oorreed om hierdie boek te lees? In 'n mark wat oorspoel is met geestelike boeke en boeke met dagstukkies, het hierdie stukkie goud met té min fanfare op die mark gekom.

Die boek is opgedeel in vyf dele: Is identiteit regtig belangrik?; Hoe ontdek ek myself?; Kante van menswees; Wat verwoes my ware menswees? En Wat gebeur as ek is wat God my gemaak het? Elkeen van hierdie hoofdele is in sub-dele verdeel sodat daar 35 temas is wat elkeen as 'n dagstukkies kan dien. Elke tema het 'n kort inleiding van ongeveer een bladsy en elke tema word ook daarna, kortliks uit die Skrif bespreek en toegelig, telkens onder die opskrif "Vind jousef in die Woord". Elke tema word met drie kernvrae afgesluit. 'n Probleem met baie geestelike boeke is dat die leser nie regtig die vrae aan die einde van elke stukkie kan antwoord nie, of belangriker dat die leser nie altyd weet of die vrae korrek beantwoord is nie, tensy dit onder leiding van 'n predikant of pastoor in byvoorbeeld Bybelstudie behandel word. In hierdie boek is dit nie die geval nie. Die inleidende gedeelte en die Skrifstudie oor die onderwerp lei die leser om oor sy/haar eie lewe te besin aan die hand van hierdie goed gekiesde vrae. Enige leser, van 'n tiener tot 'n ouma of oupa wat alleen in 'n kamer in die aftree-oord sit en wonder oor die sin van die lewe, kan hierdie boek sonder begeleiding lees.

Het jy jou werk verloor, of is jy oor die hoof gesien as gevolg van regstellende aksie, of is jy vasgevang in 'n afbrekende verhouding, of voel jy net minderwaardig? Hierdie boek is vir jou. Is dit jou voorneme om elke dag jou lewe meer en meer op Christus te rig? Hierdie boek is vir jou.

Elke dominee, pastoor, sielkundige, berader, oupa en ouma, ouer en tiener behoort hierdie boek te besit, te lees en op "af-voel-dae" af te stof en weer te lees!

Educational associations in the Kuyperian tradition

R. Coletto

School of Philosophy, Potchefstroom Campus,
North-West University

In a previous article we have explored colleges, universities and other institutions for higher education operating on a reformational program. It would be interesting, however, to have a look at other types of educational organisations: associations, foundations, centres, institutes and similar. Only the still operative educational organisations are indicated in bold. (I will not deal with theological associations but only with those offering extra-theological education.)

In some cases, and for some people, an association can be more valuable and effective than a university or a college.

The associations promoting Christian scholarship are often useful to those who may not be looking for a degree but would like to learn more about (or to contribute to) Christian thinking, to attend conferences or build a better Christian perspective on their own profession. In some cases, and for some people, an association can be more valuable and effective than a university or a college. As I have profited myself, in the past, from the services of several educational societies, I would like to testify that they are very important. Let us begin our survey from the Netherlands.

The Netherlands

• Higher education

Let us begin by mentioning an association which does not exist anymore, but played

a crucial role in the establishment of the Free University of Amsterdam and exercised ample influence in many other countries, including South Africa. This is the Association for Scientific Education on Reformed Foundation (*Vereniging voor Wetenschappelijk Onderwijs op Gereformeerde Grondslag*). The idea of associating for educational purposes is very old, and it has proved very effective.

Nowadays, however, there are new associations serving in this field. We may start from the **Reformed Scientific Society** (*Gereformeerde Wetenschappelijk Genootschap – GWG*). This is an “association of reformed academics” organising lectures and meetings, and publishing the academic journal, *Radix*. The latter has often hosted contributions by Dooyeweerdian scholars. On a more evangelical position is the **Foundation for Scripture-based Scholarship** (*Stichting Bybelgetrouwe Wetenschap – SBW*). Last but not least, one should mention the **International Christian Study-Centre** (*Internationaal Christelijk Studie-Centrum*) established in 1971.

• About philosophy

In the Netherlands one also finds specific organisations for the promotion of philosophy in the Kuyperian tradition. **The Association for Reformational Philosophy**, which operates since 1935, has recently been renamed as **Association for Christian Philosophy** (*Vereniging voor Christelijke Wijsbegeerte – VCW*), and counts at present about 600 members. It was founded by D.H. Th. Vollenhoven, H. Dooyeweerd and others and it still publishes the journal, *Philosophia reformata*. It organi-

ses international symposia (the 7th will take place in Amsterdam in August 2011) and it promotes philosophical reformational reflection worldwide.

The **VCW** is linked to two other organisations serving the same purpose with different tasks. We must therefore mention the **Centre for Reformational Philosophy** (*Sentrum voor Reformatorische Wijsbegeerte* – SRW) and the **Foundation for Reformational Philosophy** (*Stichting Reformatorische Wijsbegeerte* – SRW).

The Dutch government allows the main philosophical associations to appoint lecturers of their choice at various universities.

The tasks of the centre consist in keeping a bookstore, managing the practicalities of conferences, et cetera. The foundation has, among other things, the task of dealing with the “special chairs” for reformational philosophy at various Dutch universities. In fact, the Dutch government allows the main philosophical associations to appoint lecturers of their choice at various universities (not to be confused with the “lectorates” mentioned in the previous article). At present, the CRW is entitled to “install” six lecturers at the following six universities: J. Hoogland: Twente University; R. Kuiper: Erasmus University, Rotterdam; M.J. de Vries: Delft University of Technology; M.J. Verkerk: Eindhoven University; G. Glas: Leiden University; and H. Jochemsen: Wageningen University for Agriculture.

Other lecturers hold special chairs or courses on reformational philosophy at the Free University (Amsterdam) and elsewhere.

• Primary and secondary education

Before concluding this section I would like to mention the organisation called **Unie/NZV**. The latter is the result of the union, achieved in 2004, of two associations working in the field of primary/secondary

education. One was founded in 1879 and was called *Een School met den Bijbel*. Later on, it was named *School en Evangelie* and continued to operate on a clear Kuyperian basis. It served in many countries (also in Africa) and had some interests in Christian politics as well. In 1992 this organisation was renamed *Unie voor Christelijk Onderwijs*, with many projects and partners. One of the partners was the *Nederlandsche Zondagschool Vereniging (NZV)*, founded in 1865. The union of these two organisations gave birth (in 2004) to the *Unie/NVZ*, operating with highly innovative educational methods both in schools and churches (Sunday schools).

England

Two reformational organisations can be mentioned in this part of the world. One is the **Christian Studies Unit (CSU)**, which provides several types of services to interested students and lecturers. The initiative is supported mainly through the efforts of Reverend Richard Russell (a minister of the Anglican Church) who has devoted much energy to the initiative.

The other organisation is the **West Yorkshire School of Christian Studies (WYSOCS)**, founded in 1986 on advice by John Stott. As member of IAPCHE, this initiative is also supported by the special dedication of David Hanson. The school is situated in the remarkable Outwood House, where regular courses are offered in the unique environment of Yorkshire. Let us now move to the American continent.

Some American outposts

One does not find similar associations in Canada, but one has to remember (see previous article) that in this country numerous university-colleges are available. However, I now have an opportunity to remember the old Association for the Advancement of Christian Scholarship (AACS) which served for many years and with success, under the dynamic leadership of academics like Evan Runner.

Moving to the USA, we find the **Association of Christian Philosophers**, of which Nicholas Wolterstorff has been the president for many years. Philosophers in the Kuyperian line have been traditionally good attendants of the initiatives of this association. We also find the **American Scientific Affiliation** (ASA), promoting Christian research especially in the natural sciences. It also has a keen interest in the creation-evolution debate.

As far as South America is concerned readers of *Word and Action* have recently (in nr. 407) enjoyed a report from Brazil by Guilherme de Carvalho, informing about the activities of the *Associação Kuyper para Estudos Transdisciplinares* (AKET – **Kuyper Association for Trans-disciplinary Studies**). This association is interesting, among other things, because it was born (only in 2004) in complete independence from any reformed circle. (Actually, the article contains some complaints about the indifference of the local Presbyterian churches.) De Carvalho is a Baptist minister and he is trying, with several co-workers, to spread Kuyperian ideas among Evangelicals and Pentecostals (in Brazil, 18% of a population of 200 million)! The vision is to “gather Christians together for the development of a neocalvinist intellectual community in Belo Horizonte and eventually in Brazil”. Now, if neo-Calvinism could spread beyond its traditional Dutch and reformed strongholds, into the vast Evangelical worlds of South America, Asia and Africa, how relevant could the consequences be?

If neo-Calvinism could spread beyond its traditional Dutch and reformed strongholds, into the vast Evangelical worlds of South America, Asia and Africa, how relevant could the consequences be?

South Africa

The major reformational organisation in this field is the **Association for Christian**

Higher Education (*Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys* – VCHO) based in Bloemfontein. The latter exists since 1950, it publishes the *Tydskrif vir Christelike wetenskap* (*Journal for Christian scholarship*) and has a membership of about 10 000 members.

In Potchefstroom one finds the **Koers Association** (*Koers Vereniging*), which was established especially in view of the publication of the academic journal, *Koers: bulletin for Christian scholarship*. Eventually, this association could be restructured to stimulate interaction between Christian scholars in the country. (In the past, in the South African context there was a richer variety of such associations but one must also consider that many of these were in the grip of the Christian-national approach.)

In Potchefstroom the Koers Association (*Koers Vereniging*) could be restructured to stimulate interaction between Christian scholars in the country.

Asia and Oceania

In Korea we can mention the **Institute for Calvinistic Studies in Korea** (ICSK) founded in 1985 and directed for many years by Professor Sungkuh Chung, a former student of the Free University of Amsterdam. Among the first “Counselors” of the Institute one finds Jan Dengerink and Evan Runner. We also find the **Korea Association for Christian Studies** (KACS). In Japan, an association organising conferences and studies on the Kuyperian legacy is the **Japan Calvinist Association** (JCA). The quality of the lectures delivered at their conferences is certainly impressive.

As far as Indonesia is concerned, Joshua Lie (a former student at ICS – Toronto) is the founder of the **Reformational World-view Foundation**; an association “where worship and learning become one” (as their motto recites).

In Australia, among the past organisations one can remember the Association for Christian Higher Education in Australia (ACHEA) which had a lively “twin”-organisation in New Zealand. This association merged around 2002 in the Christian Institute for Tertiary Education, with the purpose of establishing a reformed university in Victoria. Unfortunately the project could not be realised and at present the only reformational association I know of in this part of the world is **Amani Educational Services**. The latter is linked to the work of Joy and Stuart Fowler (another former Baptist minister) with links in Kenya and other African countries (“Amani” is a Ki-swahili word, meaning “peace”).

Reflections

Some types of educational associations could be implemented and used to a larger extent, also in South Africa. I am thinking especially of possible associations of lecturers and associations of students (which could be especially helpful in the context of non-Christian institutions). They could provide meetings and conferences, mutual encouragement and information, literature and so forth. This type of association does not require large investments or facilities, but it can be very effective.

While we can be thankful for the above achievements I would like to point out one obstacle to the establishment of Christian organisations in general. I am referring to the tacit assumption that involvement in

extra-ecclesiastical areas should be mainly an individual enterprise. This assumption is not accepted by all denominations, of course, or not to the same extent. Yet in some circles it remains a very popular and even dominant idea: Christians should work together in the church, but when it comes to politics or business they should act individually.

The organisations mentioned above offer a good example of what can be achieved when Christians start building together.

Most of the times, this individual involvement is conceived as joining non-Christian parties, unions, school boards, fraternities of all sorts with the task of offering a “testimony”. Unfortunately, such individual efforts often prove too heavy to be successful. True, in some cases individual involvement is the only possible option, and it should not be despised. Nevertheless, the organisations mentioned above offer a good example of what can be achieved when Christians start building together. The “bonus” is that often denominational differences will not necessarily hamper Christian cooperation outside of the church-institution. As pointed out above, Christians from different denominations who share an integral Christian worldview are able to work together to promote integral Christian scholarship.

Die regte van gemarginaliseerdes

Amanda Gouws

Departement Politieke Wetenskap, Universiteit van Stellenbosch

Inleiding

Daar word dikwels van “gemarginaliseerdes” gepraat, maar wie is hulle? Ons kan hulle beskou as mense wat as gevolg van sekere sosiale status uitgesluit is uit die politieke, sosiale en ekonomiese prosesse van die samelewing. Dit sluit onder andere mense in wat arm is, of wat ’n sekere seksuele oriëntasie het of wat aan VIGS ly (wat mense stigmatiseer). In Suid-Afrika met ’n werkloosheidsyfer van ongeveer 40% (hierdie statistiek sluit ook mense in wat ophou soek het na werk), kan ons argumenteer dat amper die helfte van ons bevolking aan een of ander vorm van marginalisering ly, veral die 20% van die armstes van die armes. Hierdie groep kom veral op die platteland en in informele nedersettings voor. Armoede is ’n ontkenning van menswaardigheid, want dit lei tot swak geestelike en fisiese gesondheid en ’n vroeë dood.

Gemarginaliseerdes is mense wat as gevolg van sekere sosiale status uitgesluit is uit die politieke, sosiale en ekonomiese prosesse van die samelewing.

Regte in Suid-Afrika

Almal in Suid-Afrika het volgens ons liberaal-demokratiese Grondwet regte gekry wat onlosmaaklik van die individu is. In liberale demokrasieë is die “draers” van regte individue wat ook aanspraak kan maak op regte as hulle dink hulle regte word ondermyn. Aangesien verskillende individue op verskillende regte kan aandrang, is daar dikwels ’n konflik van regte.

Dit moet opgelos word tot voordeel van alle partye. Daar kan ook ’n konflik wees tussen regte en kultuur en tradisie. Alle vroue in Suid-Afrika is byvoorbeeld daarop geregtig om gelyk behandel te word, maar onder gewoontereg kan vroue byvoorbeeld nie deel in die erflating van hulle mans nie, aangesien ergename manlik moet wees. Die Bhe-hofsaak het dit as diskriminasie uitgewys.

Almal in Suid-Afrika het volgens ons liberaal-demokratiese Grondwet regte gekry wat onlosmaaklik van die individu is. Regte veronderstel ook verpligtings aan die kant van die ontvangers van regte.

Regte veronderstel egter ook verpligtings aan die kant van die ontvangers van regte. As jy die reg het om te stem, moet jy ook aan die staat belasting betaal. In Suid-Afrika is daar ’n baie groter klem op regte as verpligtings. Dit lei tot ’n *sense of entitlement* by mense wat voel dat hulle uitgesluit word uit die bevoorregting wat die liberale demokrasie kan bied.

In Suid-Afrika is burgers se regte opgeteken in die Handves van Regte in hoofstuk 2 van die Grondwet. Ons onderskei tussen eerstegenerasieregte – dit sluit in politieke regte (soos om te kan stem) en burgerregte (soos vryheid van spraak) – en tweedegenerasieregte wat sosio-ekonomiese regte is. Die eerstegenerasieregte kos die staat baie min, maar die tweedegenerasieregte (soos behuising, onderwys en gesondheid) plaas ’n groot finansiële las op die staat indien die staat dit alles moet verskaf. Hierdie regte is in die Grondwet

ingeskryf as “toegangsregte” – ons het die reg van “toegang” tot onderwys, gesondheid, ensovoorts. Dit beteken die staat hoef net toegang moontlik te maak (bv. iemand om ’n huis te bou), maar ons moet nog steeds daarvoor betaal.

Eerstegenerasieregte kos die staat baie min, maar die tweedegenerasieregte plaas ’n groot finansiële las op die staat indien die staat alles moet verskaf.

Dit is egter die gebrek aan sosio-ekonomiese regte wat die armes marginaliseer, aangesien omtrent 20% van die bevolking op minder as \$2 ’n dag oorleef. Wanneer mense in ’n liberaal-demokratiese staat nie toegang tot regte het nie, moet hulle hierdie regte opeis; maar dit gebeur gewoonlik deur ’n hofsake. Vir hofsake benodig ’n mens ’n regsgeleerde en dit kos baie geld. Vir die meeste mense is hierdie roete dus onmoontlik, omdat hulle nie geld het nie. Nie-regeringsorganisasies soos Lawyers for Human Rights neem dikwels sake namens gemarginaliseerde gemeenskappe op. Die Grootboom-saak is ’n voorbeeld hiervan.

Die Grootboom-hofsake

Irene Grootboom het ’n in arm gemeenskap (Wallacedene) op privaat grond gewoon wat beoog was vir laekostebehuising. Hulle is later op ’n baie onmenslike manier van die grond verwyder. Hulle skuilings is ’n dag vroeër as wat die uitsetting sou plaasvind, afgebreek en hulle besittings verbrand. Hulle is totaal sonder besittings gelaat. Die Gemeenskapsregsentrum van UWK, tesame met Die Menseregtekommissie het die saak opgeneem op grond van ’n kinderreg in afdeling 28(1c) van die Grondwet, naamlik “dat alle kinders die reg het tot skuiling” (hierdie is nie ’n toegangsreg nie).

Die uitspraak van die hof was dat daar ’n minimum verpligting op die staat is om skuiling te verskaf en dat alle uitsettings op ’n menslike manier gedoen moet word

sodat mense hulle besittings kan behou. Daar is geargumenteer dat sosio-ekonomiese regte soos kos, klere en behuising noodsaaklik is sodat mense hulle ander regte kan geniet en dit lê die grondslag vir gelykheid. Hierdie uitspraak het baie groot finansiële implikasies vir die staat ingehou, omdat daar baie sodanige gemeenskappe in Suid-Afrika is. Irene Grootboom is sonder ’n huis dood, meer as vyf jaar na die uitspraak van die hof. Die regering is nou besig om wetgewing te maak om uiting aan hierdie uitspraak te gee.

Sosiale welsyn

Gemarginaliseerde mense kan gewoonlik op sosiale welsyn van die staat aanspraak maak om hulle te help om te oorleef. Hierdie vorm van welsyn word “sosiale bystand” genoem, omdat mense nie enige bydrae maak nie. Hierteenoor is sosiale versekering, waar die werkgewer elke maand ’n sekere bedrag van jou salaris verhaal vir ingeval jy werkloos sou word. Sosiale bystand word deur toelaes van die staat betaal. Die toelaes in Suid-Afrika maak egter nie voorsiening vir gesonde mense, of volwassenes wat werkloos is en te jonk is om pensioen te kry nie. Daar is geen toelaag vir hulle nie. Die volgende toelae word deur die staat toegeken: ouderdomspensioen, ’n toelaag vir mense met gestremdhede, asook vir diegene wat hulle versorg, pleegsorgtoelaag en kinderondersteuningstoelaag.

Gemarginaliseerde mense kan gewoonlik op sosiale welsyn van die staat aanspraak maak om hulle te help om te oorleef.

In arm gesinne woon daar in baie gevalle drie generasies in een huis wat almal van ’n ouer persoon se pensioen afhanklik is, of van die kinderondersteuningstoelaag. Daar is ’n wanpersepsie dat jong meisies buite-egtelike babas kry om sodoende die toelaag te kry. ’n Studie van die Raad vir Geestes Wetenskaplike Navorsing het egter getoon dat dit ’n baie lae persentasie is wat enigsins vir die kinderondersteu-

ningstoelaag aansoek doen. Diegene wat sosiale bystand ontvang, word egter dikwels gestigmatiseer.

Omdat werkloosheid so hoog is, is toelaes vir baie mense die enigste manier om te oorleef. Generasies word soms vasgevang in die spiraal van armoede waaruit dit onmoontlik is om te ontsnap.

Omdat werkloosheid so hoog is, is toelaes vir baie mense die enigste manier om te oorleef. Daar is egter die vrees dat baie mense afhanklik raak van die staat en later nie meer moeite sal doen om werk te soek nie. Dit plaas 'n baie groot finansiële las op die staat. Die Taylor-kommissie (onder leiding van Vivian Taylor) wat die welsynstelsel namens die staat ondersoek het, het onder andere 'n basiese inkomstoelaag (BIT) voorgestel. Die idee is dat elke persoon in Suid-Afrika van wieg tot graf (baba's tot ou mense) R100 per maand kry (of jy dit nodig het, of nie) en dat huishoudings hierdie geld sal saamsit sodat daar genoeg geld sal wees vir kos en klere. Indien daar agt mense in 'n huishouding is, sal hulle R800 kry. Die staat argumenteer dat dit te duur sal wees, maar ekonome argumenteer dat dit kan gedoen kan word deur BTW met ongeveer 7% te verhoog. Dit sal natuurlik weereens die armes baie meer nadelig tref, omdat alle kos en klere dan duurder raak. Soortgelyke aanpassings sal gemaak moet word as ons die Nasionale Gesondheidsorgversekeringstelsel wil implementeer. Hierdie stelsel is daarop gemik om beter gesondheidsorg vir arm mense daar te stel.

Armoede raak vroue disproporsioneel, omdat daar so baie enkelouergesinne is waar arm vroue aan die hoof van die huishouding staan (en mans hulle verantwoordelikheid teenoor kinders ontduik). Dit beteken dat kinders gebrekkige onderwys kry, en dat daar dan nog steeds baie hoë vlakke van ongeletterheid is. Generasies word vasgevang in die spiraal van armoede

de waaruit dit onmoontlik is om te ontsnap. Dit beteken dat hulle nie volle burgers van die land is wat op hulle regte kan aanspraak maak nie. Dikwels word misdaad 'n manier om te ontsnap.

Die verskuiwing van regte na vermoëns (*capabilities*)

Martha Nussbaum, 'n Amerikaanse filosoof, argumenteer dat eerste- en tweede-generasieregte essensieel is vir die vervulling van behoeftes, maar dat behoeftes dikwels nie vervul word waar die klem op regte is nie. Volgens haar staar ons ons blind teen die "taal van regte", terwyl ons eerder moet dink aan hoe almal 'n goeie lewenstandaard kan handhaaf. Haar vermoënsbenadering (*capabilities approach*), is 'n verskuiwing vanaf regte, juis omdat die verhouding tussen regte en pligte so kompleks is. Die taal van vermoëns, anders as regte het die voordeel dat die nie streng aan enige kultuur of geskiedenis gekoppel is nie. Regte is nou gekoppel aan die Europese Verligting (*Enlightenment*). Die taal van regte plaas die klem op mense se keuses en outonomie, terwyl die taal van vermoëns die klem plaas op die konsensus oor wat goed en menswaardig vir hulle en gelykwaardig is. Vergelyk ook Armatya Sen, 'n Indiese ekonoom wat die Nobelprys gekry het, se ontwikkeling van die teorie oor vermoëns.

Die vermoënsbenadering kom daarop neer dat omstandighede geskep moet word waarin mense hulle vermoëns kan ontwikkel om 'n redelike standaard van lewe te hê.

Die vermoënsbenadering kom daarop neer dat omstandighede geskep moet word waarin mense hulle vermoëns kan ontwikkel om 'n redelike standaard van lewe te hê. Nussbaum sonder die volgende vermoëns uit:

- Lewe: mense se lewens moet die moeite werd wees om te lewe en hulle

lewensverwagting moet realisties wees. Armoede is 'n probleem wat mense se lewens kan verkort.

- Liggaamlike gesondheid: almal is op goeie gesondheid geregtig. Dit sluit reprodutiewe gesondheid in.
- Sintuie, verbeelding en gedagtes: almal is hierop geregtig.
- Emosies: almal is op 'n spektrum van emosies geregtig – insluitend liefde en rou.
- Praktiese rede: om die vermoë tot redenering te kan ontwikkel.
- Affiliasie: om verhoudings met ander mense te vorm en te ontwikkel. Dit beteken die minimum beskerming teen diskriminasie op grond van ras, klas, seksuele oriëntasie, kaste en etnisiteit.
- Verbintenis met ander spesies: dat ons in harmonie met diere en die omgewing sal lewe.
- Speel: die vermoë om te kan lag en speel.
- Beheer oor jou omgewing: dit sluit politieke deelname, eiendomsreg en werk in.

Die vermoënsbenadering neem die klem van individuele hebsug af en fokus op dit wat vir alle burgers 'n minimum lewenstandaard sal verskaf.

Volgens die vermoënsbenadering het die regering die verpligting om die sosiale toestande te skep waarin mense hulle vermoëns kan verwesenlik. Dit is ook 'n indirekte kritiek op kapitalisme, waar die mark bepaal wie se behoeftes vervul word en wie s'n nie. Die regering moet dus sorg dat almal behuising het en dat almal toegang tot gesondheidsorg en onderwys

het. Die vermoënsbenadering neem die klem van individuele hebsug af en fokus op dit wat vir *alle* burgers 'n minimum lewenstandaard sal verskaf. Een van die grootste hindernisse tot die vervulling van vermoëns is armoede.

Gevolgtrekking

Maar terwyl ons op die taal van regte moet vertrou, is burgerskap die belangrikste bepaler van mense se regte. Alhoewel almal op regte kan aanspraak maak, beteken dit nie dat regte in alle gevalle afgedwing word nie. Die Grondwet beskerm, byvoorbeeld godsdiensvryheid, maar in baie instellings soos skole, word daar slegs tot 'n Christelike God gebid, homoseksuele mense kan trou (onder die *Civil Unions Act*), maar baie min kerke sal hulle trou en lesbiese vroue (en mans) word verkrag en doodgemaak deur homofobiese mense. Alhoewel aborsie wettig is, weier baie dokters en verpleegsters om dit uit te voer en baie vroue wat vir aborsies kom, word fisies aangerand. Vir alle mense is daar 'n reg tot liggaamlike integriteit, maar derduisende vroue word jaarliks in Suid-Afrika verkrag – veral diegene wat weerloos en gemarginaliseerd is. Vroue kan interdikte kry teen mans wat hulle slaan, maar hulle gaan dikwels dood ten spyte van die interdik, omdat die polisie dit nie afdwing nie.

Dit beteken dat “die persoonlike politieke is”, met ander woorde wat met mense gebeur as gevolg van hulle sosiale status in die samelewing en veral in die privaatheid van hulle huise (waar die staat tot 'n minimum kan inmeng), het politieke gevolge, wat hulle regte ondermyn. Die oplossing vir geweld is 'n politieke een. Eers as ons verstaan dat politieke aktivisme omtrent die enigste manier is om die staat so ver te kry om op die behoeftes van die gemarginaliseerdes te reageer, bly duur hofsake die enigste uitkoms vir mense om in liberale demokrasieë op hulle regte aanspraak te maak. Die Treatment Action Campaign (TAC) se aktivisme het byvoorbeeld gelei tot die groter uitrol van anti-retrovirale middels.

Suur mynwater

T. Harmse

Departement Geografie, Omgewingsbestuur & Energiestudies,
Universiteit van Johannesburg

Inleiding

Talle menslike mynbou- en nywerheidsaktiwiteite veroorsaak versuring van grond- sowel as oppervlakwaterbronne. Dikwels word hierdie probleem hanteer deur die toepassing van geskikte tegnologieë om die suur water te behandel alvorens dit in die natuurlike omgewing vrygelaat word. Die Nasionale Waterwet vereis trouens hierdie behandeling, wat deur die toekenning van 'n sogenaamde "Waterlisensie" beheer word.

Veral die mynbou word gekenmerk deur die generering van suur water, veral die steenkool- en goudmynbedrywe. Talle steenkoolmyne tref die nodige voorsorgmaatreëls om versuring van waterbronne te voorkom.

Veral die mynbou word gekenmerk deur die generering van suur water, en dan bepaald veral die steenkool- en goudmynbedrywe. Wat die steenkoolmynbedryf betref, word die versuring van waterbronne redelikerwys hanteer en talle steenkoolmyne in die bedryf tref die nodige voorsorgmaatreëls om versuring van waterbronne te voorkom. Tog vind daar op enkele lokaliteite groot stortings van suur mynwater in byvoorbeeld die Olifantsrivier op die Mpumalanga Hoëveld plaas.

Die goudmynbedryf van Suid-Afrika het egter 'n unieke probleem ten opsigte van

suur mynwater geskep, waarop hierdie skrywe sal fokus. Die afgelope jaar of wat het daar verskeie mediaberigte en wetenskaplike skrywes in verband hiermee die lig gesien, maar dikwels is die oorsprong van die probleem nie duidelik genoeg in eenvoudige taal gestel nie.

Suur mynwater in die Witwatersrandkom

Gouddraende erts in die Witwatersrand Supergroep van gesteentes kom in die Witwatersrandgebied na aan of selfs aan die oppervlak voor, maar strek verder oor groot dieptes benede die oppervlak, in 'n suidelike rigting, teen 'n helling. In die Verre Wes-Witsgebied word hierdie gesteentes deur jonger, dikwels dolomitiese materiaal, van die Transvaal Supergroep, oorlê.

Die goudmynbedryf het gaandeweg al hoe dieperliggende erts begin myn, sodat mynboudieptes van meer as 3 500 meter benede die oppervlak nie vreemd is nie. Hierdie is, sover bekend, die diepste myne in die wêreld. Hierdie mynboubedrywe verwyder groot volumes rotsmateriaal vanuit die mynbou-omgewing, in terme van toegangstonnels en afbougebiede waar die erts self ontgin word. Dit skep dan holtes op groot dieptes.

Die goudmynbedryf het gaandeweg al hoe dieperliggende erts begin myn, sodat mynboudieptes van meer as 3 500 meter benede die oppervlak nie vreemd is nie.

Onder natuurlike toestande kom grondwater (wat ons normaalweg met boorgate kan onttrek) gemiddeld tot sowat 600 m onder die aardoppervlak voor in nate, krake, verskuiwings en ander openinge in die rotslae. Op die groot dieptes waar die goudmynbedryf handel, is die rotse self egter so dig dat daar geen grondwater natuurlikerwys voorkom nie. Die ontginning van gouderts het egter groot holtes op groot dieptes gelewer, waarin natuurlike grondwater vanaf hoërliggende dele wegdreineer en dan in daardie diep holtes versamel. Die water kan nêrens heen nie, weens die digtheid van die gesteentes, en bou sodoende op in die vorm van 'n permanente watertafel verbene dié wat as natuurlik beskou kan word.

Byna alle reënwater in die natuur is effens suur (pH effens laer as 7), hoofsaaklik omdat reënwater koolsuurgas in die atmosfeer oplos soos wat die reën val, om 'n swak koolsuur te gee. Onder natuurlike toestande het hierdie swak koolsuur geen noemenswaardige nadelige invloed op die omgewing nie, behalwe om byvoorbeeld dolomietoplossingsholtes oor lang tye heen te vorm.

In werkende goudmyne word grondwater wat op groot dieptes versamel, uitgepomp en behandel voordat dit in die natuurlike omgewing vrygelaat word.

In werkende goudmyne word hierdie grondwater wat op groot dieptes versamel, uitgepomp en is dit veronderstel om behandel te word voordat dit in die natuurlike omgewing vrygelaat word. Soms is hierdie behandeling meer suksesvol by sekere myne as by ander. In die bolope van die Mooirivier word dit egter al dekades lank gerapporteer dat sekere goudmyne stroomop suur mynwater in die rivier vrylaat. Dit vind ook aan die Witwatersrand plaas.

In die gouderts kom ook “gekkegoud” of

ysterpiriet (FeS_2) voor, saam met ander minerale wat met die effe suur grondwater reageer. Die ysterpiriet en water vorm swawelsuur, wat weer ander minerale aanval, om uiteindelik “suur mynwater” te gee wat bestaan uit lae pH-water, en “soute” van uraan, yster, kalsium, natrium sulfate en chloriedes.

Die probleem

Namate verskeie goudmyne die afgelope aantal dekades uitgewerk geraak het, het die uitpomp en behandeling van die suur mynwater drasties afgeneem. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die grondwatervlak in die uitgewerkte goudmyne begin styg het, op sommige plekke veel meer as op ander. Baie van die myne is met mekaar ondergronds verbind, hoewel dit deur verskillende maatskappye besit is. Die myngebied word in verskillende “kompartemente” verdeel deur intrusiewe gesteentes, vandaar die terme “Sentrale” of “Westelike” of “Oostelike” kompartement. Die opbou van hierdie grondwater in dieptes veroorsaak 'n tru-stuwing (*back pressure*) na die oppervlak, sodat dit uiteindelik die natuurlike grondwater, wat weens reën wegsak, kan terugforsaer na die oppervlak.

Tans is die suur mynwatervlak die vlakste in die Westelike Kompartement en suur mynwater bereik reeds die bolope van die Krokodilrivier aan die Wesrand. Analises van groente wat met hierdie rivierwater besproei word, toon reeds uiters gevaarlike vlakke van byvoorbeeld uraan en sianied daarin.

Dit word bereken dat die suur mynwater in die Sentrale kompartement binne die volgende 18-24 maande in die Johannesburgse middestad aan die oppervlak kan begin uitvloei. Suur mynwater plus betonfondasies kan chemiese reaksies lewer wat geboue inmekaar kan laat tuimel en ander infrastrukture vernietig. Alle boorgate aan die Sentrale en Wesrand kan met suur mynwater besoedel word. Die grondwaterbesoedeling deur toksiese metaalelemente is jare lank al bekend, maar dit word as 'n nietigheid afgemaak.

Analises van groente wat met rivierwater besproei word, toon uiters gevaarlike vlakke van uraan en sianied daarin.

Aan die Oosrand vloei suur mynwater reeds op groot skaal in die Blesbokspruit in. Hierdie water word deur goudmyne uitgepomp, maar onbehandeld in die rivier vrygelaat (lynreg teen die bepalings van die waterlisensie vir die myne in).

Die grondwaterbesoedeling deur toksiese metaalelemente is jare lank al bekend, maar dit word as 'n nietigheid afgemaak.

Die impak wat die opbou en uiteindelijke uitvloei na die oppervlak van suur mynwater op grondstrukture, grondvrugbaarheid en geboue gaan hê, is so groot dat dit as 'n ramp beskou moet word – 'n mensgemaakte ramp. Indien die suur mynwater nie dadelik beduidende suiwering ondergaan nie, kan dit besproeiings-sowel as bestaansboere se produksie van groente en vrugte ernstig raak, asook die gesondheid van die verbruikers hiervan. Dit is algemeen bekend dat plante gifstowwe uit water en die grond konsentreer – die proses van “bio-remediasie” word trouens gereeld in omgewingsbestuur aangewend. Die groot grondoppervlaktes omliggend aan myne (mynground) kan uiteindelik totaal vernietig word, soortgelyk aan 'n atoombomontploffing, en die grond self sal steriel, onvrugbaar en toksies word.

Indien die suur mynwater nie dadelik beduidende suiwering ondergaan nie, kan dit die produksie van groente en vrugte ernstig raak, asook die gesondheid van die verbruikers hiervan.

Oplossing

Daar rus op die regering en die Kamer van Mynwese 'n verantwoordelikheid om hierdie suur mynwaterprobleem daadwerklik te pak en op te los. Die huidige eienaars van talle van die goudmyne beweer egter dat dit nie hulle verantwoordelikheid is om foute van die verlede, veroorsaak deur vorige eienaars, reg te stel nie.

Tog is die probleem eerstens veroorsaak deur gulsigheid. Die mynbase wat vir hierdie situasie verantwoordelik is, het miljoene der miljoene rand uit die goudmynbedryf gemaak, maar nooit aan behoorlike rehabilitasie van goudmyne, aan die oppervlak sowel as ondergronds, aandag gegee nie. Tweedens is die Bybelse opdrag van “bewoon die aarde en bewerk dit” vervang deur “plunder die aarde, haal daaruit soveel as wat jy kan en vernietig in die proses die omgewing”.

Daar bestaan geen langtermynoplossing vir die probleem van suur mynwater, soos hierbo uitgespel, nie. Hier het ons te doen met 'n tipiese voorbeeld van “die sondes van die vaders sal besoek word aan die kinders”, maar in hierdie geval beslis nie net tot in die derde of vierde geslag nie.

Die Bybelse opdrag van “bewoon die aarde en bewerk dit” is vervang deur “plunder die aarde, haal daaruit soveel as wat jy kan, en vernietig in die proses die omgewing”.

Al wat gedoen kan word, is dat daar ernstig begin word met die uitpomp van die suur mynwater, en die behandeling daarvan tot kwaliteitwater, voordat dit benut of in riviere gestort word. Hierdie proses moet teen 'n tempo plaasvind sodat die suur myngroundvlak weer beduidend kan daal, tot ongeveer 1 000 m benede die oppervlak. Daarna sal die uitpomp en suiwering voortdurend moet voortgaan om 'n styging in grondwatervlakke van suur mynwater teë te werk. Dis 'n proses wat baie gou moet begin, en nooit sal kan eindig nie. Die Staat

Menings en inligting / Opinions and information

(belastingbetaler) sal heel waarskynlik as befondser hiervan moet optree.

Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling gedurende die vorige eeu is oorwegend deur die goudmynbedryf gefinansier. Vandag betaal ons die prys daarvoor in

die vorm van suur mynwater. In die verre toekoms sal ons nog steeds die prys hiervoor moet betaal.

Intussen word daar net gepraat en is geen aksieplan nog in werking gestel nie.

Kotze, D.J. 2010. Dapper kinders van Suid-Afrika. Pretoria: Protea Boekhuis.
223 p. Prys: R200,00. ISBN: 978-1-86919-346-1.

Resensent: *M. Wright*
Laerskool Drakensig, Hoedspruit

Die boek vertel van 37 kinderhelde in Suid-Afrika en Namibië. Die verhale is chronologies geplaas en sodoende kan die leser die verloop van die Suid Afrikaanse geskiedenis volg.

Die eerste verhaal handel oor Sarel Cilliers wat die moed gehad het om die Woord te verkondig in 'n tydperk waar dit net die vader van die huis se reg was. Daar is ook interessante inligting oor die leefwyse van hierdie tydperk, wat waardevol kan wees om aan ons kinders vandag oor te dra.

Hierna volg vele ander heldeverhale van kinders. Sommige is bekende verhale met nuwe inligting by, soos byvoorbeeld oor John Ross, Paul Kruger, Rachel de Beer en Japie Greyling.

Die boek se kinderverhale beslaan 'n langer tydperk as net die Anglo-Boereoorlog. Dit dui aan dat geskiedenis nooit ophou nie. Daar is verhale van heldedade deur normale seuns en dogters wat nie aan hulle eie gevaar gedink het toe hulle mense en diere se lewens gered het nie soos die seuns van Heilbron, Hettie Venter, Andreas de Wet en Pieter Moller en Koos van der Merwe.

Die laaste verhaal van Sonja Dressel wat die geweer gegryp het en opgetree het tydens 'n SWAPO-aanval, is 'n goeie toevoeging tot die boek. Sodoende wys ons dat ons nie skaam is oor 'n tydperk in ons geskiedenis nie.

Die boek kan in skole asook in die Voortrekkerbeweging met vrymoedigheid gebruik word. 'n Boek wat in elke Afrikanerhuis hoort en wat in maklike leesbare alledaagse taal geskryf is. Dit is 'n goeie bron om 'n liefde vir geskiedenis by kinders aan te kweek.

Het klassieke musiek 'n toekoms in Suid-Afrika?

B. Spies

Departement Musiek, Universiteit van Pretoria

Wanneer 'n mens in die openbare lewe omtrent nooit klassieke musiek hoor nie en in die koerante lees dat musiek as vak uit die skole geneem gaan word, kan jy met reg wonder oor die toekoms van klassieke musiek in Suid-Afrika. Die persepsie dat klassieke musiek besig is om te taan, kom ook buite Suid-Afrika voor. In die begin van sy boek, *Why classical music still matters* (2007), wys Lawrence Kramer van die Fordham Universiteit op die wêreldwye afname in populariteit en kulturele outoriteit van hierdie musiek. Die negatiewe siening van klassieke musiek kan waarskynlik toegeskryf word aan die persepsie dat dit eksklusief, elitisties en ontoeganklik is.

Doeners se suksesverhale

Onsekerheid oor die funksionering van die Provinsiale Kunsterade het baie musici na 1994 bekommerd gemaak oor die toekoms van klassieke musiek in Suid-Afrika. Die feit dat 'n mens nie meer op regeringsteun vir die kunste en meer spesifiek, klassieke musiek, kan staatmaak nie, beteken dat die bevordering van hierdie musiek oorgelaat word aan privaat inisiatief, hetsy van 'n individu of van 'n groep. Deur die toewyding en harde werk van talle entoesiastiese mense huisves groot stede soos Kaapstad, Port Elizabeth, Durban, Bloemfontein en Johannesburg egter die simfonie-orkeste vir hulle betrokke provinsies, om nie eers die orkeste by skole en universiteite te noem nie. Verder dink 'n mens ook aan die suksesverhale van ondernemings soos *Cape Town Opera* wat reeds in die twintiger jare van die vorige eeu ontstaan het, *Opera Africa* (sedert 1994) en *Salon Musiek* (in Pretoria, ook sedert 1994) wat 'n groot bydrae

tot die voortbestaan van klassieke musiek lewer.

Die uitreik na gemeenskappe wat vroeër nie toegang tot musiekonderrig gehad het nie, bewys dat klassieke musiek wel toeganklik is en nie mense uitsluit nie.

Die uitreik na gemeenskappe wat vroeër nie toegang tot musiekonderrig gehad het nie, bewys dat klassieke musiek wel toeganklik is en dat dit nie mense uitsluit nie. Die *Mangaung String Programme* (Bloemfontein) betrek byvoorbeeld meer as 500 kinders wat hoofsaaklik uit informele nedersettings en die platteland kom. Na 'n klein begin het hierdie projek se orkes twintig jaar later, tydens sy tweede besoek aan Europa, oorwegend klassieke musiek gespeel (Desember 2010). Die twintig konserte was almal uitverkoop, drie ekstra konserte is aangebied, en op een van die vier verskynings op Europese televisiekanale het 'n kind uit 'n plakkerskamp soos volg getuig: "It's very hard work, I love it, it's worth it. It makes people happy and we can work for a better life in our country."

Die probleem is dat skole in historiese swart woonbuurtes meestal nie musiekonderwysers het nie.

Hierdie kinders wil ook graag musiek leer, soos die *Musikhane* Gemeenskapsprojek wat deur die Departement Musiek en Konservatorium van die destydse PU vir CHO begin is, bewys het. Hierdie projek verskaf vanaf 1994 vir voor- en nagraadse

studente die geleentheid om praktiese ondervinding ten opsigte van onderrig, administrasie en bestuur op te doen. Terselfdertyd lewer hulle ook 'n diens aan die samelewing sonder dat die regering 'n gemeenskapsjaar hoef voor te skryf.

Die Unisa Musiekstigting se *Community Music Development Project* wat in 1998 begin is, het 48 musiekonderwysers wat vir ongeveer 900 kinders en studente musieklesse (insluitend musiekteorie) gee. Dit sluit ook die onderrig en afrigting vir eksamens by vier tronke in. Dink net wat dit vir klassieke musiek kan beteken indien elke musiekonderwyser in hierdie land bereid sou wees om gratis musieklesse te gee vir één kind wie se ouers dit nie kan bekostig nie.

Uitvoerings buite die konsertsaal

Dit lyk asof klassieke musiek se bekendheid by die breër samelewing besig is om die glasmuur tussen die verhoog en die gehoor af te takel. Die bekendste voorbeeld waar ligte klassieke musiek op internasionale vlak na die breë publiek geneem word, is seker André Rieu se reuse konserte, wat sedert verlede jaar ook in ons land aangebied word. Hy het op oorweldigende wyse aangetoon dat hierdie musiek 'n groot aanhang het – met multi-platinum status is al meer as 30 miljoen albums wêreldwyd verkoop, 300 000 DVD's in Suid-Afrika alleen. Wie sou ooit kon dink dat mense meer as R1 000 sou betaal vir 'n sitplek in 'n konsert van hoofsaaklik ligte klassieke musiek, in Sun City?

Ligte klassieke musiek is op internasionale vlak na die breë publiek geneem deur André Rieu se reuse konserte.

Met hierdie projek het André Rieu deur middel van musiek ook 'n reuse besigheid tot stand gebring, omdat hy vir talle mense werk skep. Dit sluit nie net die sangers en die spelers in sy Johann Strauss-orkeste nie, maar ook klanktegnici, garderobepersoneel, kameramane, kombuispersoneel, werktuigkundiges wat die sewe

busse, veertien vragmotors en twee vliegtuie (in 2003) in stand hou, vlieëniers, bus- en vragmotorbestuurders, om nie eers te praat van die personeel wat vir die administrasie en bestuur van hierdie onderneming verantwoordelik is nie. Benevens die 250 uitvoerende kunstenaars was 250 ander personelede by die organisering van die Schönbrunn-konsert (2006) betrokke en het 100 persone die verhoog, wat met 80 vraghouers vervoer is, opgestel. André Rieu gebruik ook die musiek, uitvoerende kunstenaars en groepe van die betrokke lande waarin opgetree word. So het 500 applikante opgedaag toe hy in 2008 blaasinstrumentspelers vir sy Maastricht 3-projek nodig gehad het! Al 500 is toe op een of ander manier in die konserte gebruik.

Te midde van die oorweldigende teenwoordigheid van populêre musiek in ons openbare ruimtes, bring radiostasies soos *Classic FM* (Gauteng) en *Fine Music Radio* (Kaapstad) klassieke musiek in die huise en motors van 'n groot groep luisteraars in. Behalwe dat hierdie stasies ook wêreldwyd deur middel van die internet gehoor kan word, kan *Classic FM* ook as 'n DStv-kanaal buite sy geografiese teikenarea gehoor word. Verder speel vier oudio-kanale van DStv ononderbroke onderskeidelik ligte klassieke musiek, operarias en ouvertures, kamermusiek en werke vir simfonie-orkeste wat ook concerto's insluit. 'n Mens moet egter in gedagte hou dat dit betaalkanale is, wat beteken dat 'n groot deel van die samelewing wat dit nie kan bekostig nie, uitgesluit word.

Die positiewe invloed van klassieke musiek

Oor die algemeen het musiek die vermoë om 'n mens los te maak van die onmiddellike, alledaagse omgewing en kan dit selfs die menslike gemoedstemming positief beïnvloed. Die woorde uit Horatius se *Odes*, *Minuentur atrae carmine curae* ("donker sorg sal verlig word deur 'n lied"), is hier van toepassing. Hierdie Romeinse digter het sy odes geskryf om met lierbegeleiding gesing te word. Wat meer spesifiek die klassieke musiek van ons tyd betref, het die Louisiana Filharmoniese orkeste spesiale konserte aange-

bied om die Amerikaanse publiek te help om die skok en afgryse van die gebeure op 11 September 2001 te verwerk. Volgens die orkes se uitvoerende direkteur was die projek 'n sukses: "it touched your soul, it soothed, it calmed". Die *skepping* van klassieke musiek help ook om die onmiddellike omgewing te transendeer. In Olivier Messiaen se *Quartet for the end of time* (1940) wat hy in 'n Nazi-konsentrasiekamp gekomponeer het, het hy verby die angs van die onmiddellike omgewing die eindtyd nie as skrikwekkend beleef nie, maar met toenemende spiritualiteit en 'n kalmte van gees.

Klassieke musiek help om die onmiddellike omgewing te transendeer.

Behalwe dat klassieke musiek in uitsonderlike gevalle selfs in mediese spesialiste se wagkamers gehoor kan word, het gekontroleerde wetenskaplike eksperimente in die afgelope dekade aangetoon dat dit 'n positiewe effek het op die verligting van pyn, verlaging van bloeddruk, verhoging van immuniteit, atletiekprestasie en slapeloosheid. Natuurlik kan die algemene geldigheid van hierdie resultate slegs bevestig word indien die eksperimente op 'n uitgebreide skaal gedoen word. Hierdie argument geld ook vir die stelling dat musiek, meer spesifiek die sogenaamde "Mozart-effek", leerders slimmer maak – eksperimente met Bach se musiek het byvoorbeeld ook positiewe resultate opgelewer. Dat daar wel 'n verband tussen musiek en akademiese prestasie kan bestaan, is bevestig deur 'n studie in die vroeë negentigerjare onder veertienjarige leerders wat wetenskap as vak geneem het. Die drie lande (Hongarye, Nederland en Japan) wat die beste onder die sewentien lande gepresteer het, het op daardie stadium musiek as verpligte skoolvak vanaf voorskoolse tot op sekondêre skoolvlak aangebied.

Sosiale kohesie

Benewens die luister na klassieke musiek, hou die speel of sing in groepe (byvoorbeeld orkeste en kore) bykomende sosiale

voordele vir die aktiewe deelnemers in – dit bevorder interpersoonlike verhoudings en ontwikkel deelnemers se vaardighede om in 'n groep te funksioneer. André Rieu glo dat, naas die professionele manier waarop orkeslede en dirigent saamwerk, "hebben we samen ongelooflijk veel plezier. Als je niet in vreugde en harmonie met elkaar kunt leven, hoe kunt je dan samen mooie concerten geven?"

Verder bevorder die aktiewe deelname aan musiekmaak in groepe ook toeganklikheid. 'n Noorweegse musiekterapeut, Even Ruud, het byvoorbeeld aangetoon dat om saam musiek te maak, individue deel van 'n gemeenskap laat voel en dat dit so sosiale kohesie bevorder. Goeie interpersoonlike verhoudings en aktiewe deelname is twee van die vier hoofkomponente van lewenskwaliteit soos dit deur die Noorweegse sielkundige, Siri Næss, gedefinieer is. Die ander twee hoofkomponente wat sy genoem het, is selfvertroue en 'n basiese gevoel van geluk.

Klassieke musiek kan selfs help om die openbare ruimte veiliger te maak, om misdaad te bekamp en om antisosiale gedrag te verminder. Nadat die speel van klassieke musiek op 'n Londense ondergrondse treinstasie binne agtien maande 'n vermindering van misdaad (roof met 33%, aanvalle op personeel met 25% en vandalisme met 37%) aangetoon het, is klassieke musiek sedert 2008 in 40 ondergrondse treinstasies gespeel. 'n Opname onder 700 pendelaars het oorweldigend uitgewys dat die klassieke musiek hulle lekker en meer ontspanne laat voel het. 'n Mens moet egter ook in gedagte hou dat kriminele karakters moontlik nie van hierdie musiek mag hou nie, hulle mag dalk nie in so 'n omgewing tuis voel nie en daarom dan eerder ander ruimtes opsoek!

Even Ruud het aangetoon dat om saam musiek te maak, individue deel van 'n gemeenskap laat voel en sosiale kohesie bevorder.

'n Aktiewe burgerlike samelewing kan 'n positiewe bydrae tot lewenskwaliteit maak.

Dit verg egter kreatiewe denke, baie entoesiasme, toewyding en harde werk. Finansiering is vanselfsprekend 'n groot probleem, want borgskappe is meestal die hoofbron van inkomste – 'n mens kan net dankie sê vir die talle borge en donateurs wat in die programme van konserte en projekte gelys word. Maar dink net watter verskil dit sou maak indien besighede in elke stad en dorp, al is die dorpie hoe klein, die plaaslike musiekbedrywighede sou ondersteun.

In Amerika het die korporatiewe wêreld eienaarskap vir die bevordering van die kunste in die samelewing aanvaar. Die *National Guild of Community Schools of the Arts* word deur besighede gehelp om studente wat nie fooie kan bekostig nie, te finansier. Die ouderdomme van die leerders in 380 gemeenskappe wissel van kleuters tot senior burgers en kunste-aktiwiteite word ná skool en oor naweke aangebied.

Hoewel die stigting van 'n Suid-Afrikaanse musiekilde waarskynlik net 'n droom sal

bly, kan musiekonderwysers in hulle privaat hoedanigheid wel 'n inkomste genereer sonder om noodwendig 'n aanstelling by 'n skool te hê. Baie jare gelede, toe daar ook nie musiek as vak by skole aangebied was nie, het my ma byvoorbeeld as boervrou met privaat musieklesse genoeg fondse bymekaar gemaak om, onder andere, 'n Steinway vleuelklavier te kon koop. Verlede jaar het 'n bekende motormaatskappy by die bekendstelling van hulle nuwe motor 'n strykkwartet gevra om oorwegend klassieke musiek te speel. Kan dit wees dat klassieke musiek vir advertensies gebruik word, omdat dit 'n spesiale soort indruk maak? Wat sou die aard van hierdie indruk wees? Selfs mense wat in die tagtigerjare op laerskool was, onthou die *Old Spice*-advertensie in die sogenaamde ontoeganklike moderne idioom (*Carmina Burana* van Carl Orff). Bestaan daar moontlik 'n persepsie dat klassieke musiek met kwaliteit en/of langlewendheid geassosieer kan word?

Stassen, Nicol. 2011. *The Boers in Angola 1928-1975*. Pretoria: Protea Bookhouse. 656 p. Price: R335,00. ISBN: 978-1-86919-395-9.

Reviewer: E.G. Aspeling
Potchefstroom

The Boers in Angola 1928-1975 is probably the most comprehensive work ever undertaken on this subject matter. What sets this book apart from previous books is the research that was done in sources other than those available in South Africa, namely in Portugal and Angola. This gives a different perspective around the settlement of the Boers in Angola. Previous books concentrated more on the Thirstland Trek and the heroic nature thereof. In this book the reader can experience what happened to those Trekkers, and what they had to endure since 1928.

Maps, photographs and lists of names are utilised effectively to portray this tragic chapter in the Boer/Afrikaner's history. A comprehensive and detailed list of sources and references used, will aid the reader wanting to conduct his own research on the subject matter.

Factors, such as economic problems, climate, political environment and a sense of belonging with their families in the Transvaal and Free State, that all contributed to their return to Namibia and South Africa, are discussed in depth.

For any student of the Boer history and especially for the descendants of this group of people that are now dispersed throughout South Africa, this book is a must.

Afrikaans, 'n Afrikataal? 'n Totale mistasting

N. Swanepoel
Kleinmond

Inleiding

Die debat oor die miskenning van Afrikaans is vandag orals aan die orde van die dag. Dit laat gemoeidere hoog loop, want dit lyk asof Afrikaans geen status het nie en ook nie enige lewensruim gegun word nie. Dit is egter nie 'n probleem nie, want die Grondwet van die RSA waarborg die bestaan daarvan en daarom sal dit op gelyke voet met ander tale hanteer word. Dit word so uitgespel vir al elf amptelike tale, maar tog met 'n tong in die kies, dink ons, vir Afrikaans. Ja, dit het al die jare in 'n bevoorregte posisie gestaan teenoor ander tale. Afrikaans word ook daarom ten regte of ten onregte gekoppel aan die vorige politieke bestel.

**Die Grondwet van die RSA
waarborg die bestaan van al
elf amptelike landstale.**

Daar is egter nou in hierdie nuwe bedeling 'n groter probleem wat ek opmerk, naamlik die stemme wat opgaan oor die plasing van Afrikaans as 'n Afrikataal. Dit is 'n totale mistasting, want dit is eenvoudig nie waar nie. Afrikaans is nie 'n Afrikataal nie. Die feit dat dit in Afrika gepraat word en die aanpassings wat dit as 'n taal hier plaaslik gemaak het, verander nie die eurosentriese status en herkoms daarvan nie. Die siening dat dit 'n taal van Afrika is, maak dat alle slagordes wat opgestel word 'n verlore saak is. Daar word vanuit 'n foutiewe hoek gewerk. Dit sal egter ander strategieë tot gevolg hê as die herkoms en status daarvan reg uitgewys en aanvaar word. Daar moet hieroor 'n openlike

verklaring van posisie en voorneme in die pot op die vuur wees. Die Afrikataalstatus wat dit het en wat histories in die naam daarvan opgeneem is, bring mee dat Afrikaans as 't ware sy/haar oorsprong en verre verlede ontken – selfs negeer. Daarom dan nou die nie-weet-hoe vorentoe nie. Daar is 'n Setswana spreekwoord wat juis daarop wys dat herkoms en kennis van die verlede soms belangriker is as die pad vorentoe:

Mpotse tsa kwa ke tswang tsa kwa
ke yang ga ke di itse.

*Vra my waar ek vandaan kom.
Waarheen ek op pad is, weet ek nie.*

Om die ware herkoms van Afrikaans te erken en dit nie as 'n Afrikataal te sien nie, hou voordeel vir die taal self in. Erken wat reg en waar is: Afrikaans is in murg en been 'n dialek/streektaal van die Nederlande en ander Europese tale.

Afrikaans as dialek/streektaal van Nederlands

**Afrikaans is nie 'n Afrikataal
nie, maar het 'n eurosentriese
status en herkoms.**

Ander Europese tale word in Afrika erken en het nie Afrikataal status nie en eis dit ook nie op nie, soos byvoorbeeld Frans in Wes-Afrika, Portugees in Angola en Mosambiek asook Duits in Namibië. Al die tale het ook aanpassings aldaar gemaak en sien nie meer daar uit soos die werklike stamtale nie. Nederlands (Vlaams-Belgies) het hier nie so aangegroeï dat dit veranderde status verwerf het en 'n Afrikataal

is nie. In klank, foneem, morfeem, woord, woordgroep, sin, uitdrukking en denke is Afrikaans nog steeds Nederlands wat omgebuig is. Dit kan nie in enige motivering as 'n Afrikataal uitgewys word nie, want dit deel hoegenaamd nie die inherente kenmerke en herkoms van Afrikatale nie. Om lokaliteit alleen as karakteriseringsraamwerk te gebruik, is 'n totale mistasting en getuig van onwetenskaplike denke. Afrikaans is nie 'n Afrikataal nie en moet nie as sodanig uitgewys word nie. Afrikatale is eiesoortig met eie kenmerke.

Afrikaans deel hoegenaamd nie die inherente kenmerke en herkoms van Afrikatale nie. Om lokaliteit alleen as karakteriseringsraamwerk te gebruik, is 'n totale mistasting en getuig van onwetenskaplike denke.

Soektog van verbintnisse

Die soeke na verbintnisse met die ware herkoms en status van die oorsprong van Afrikaans, is vandag baie prominent. Kunstenaars en akademici vanuit Nederland, woon orals byeenkomste by. Hulle voel die bande aan en uit Afrikaanse geleedere is daar 'n wedersydse soeke. Selfs in die koerante word gepleit vir die herontdekking van verbintnisse op alle vlakke. Tot onlangs was daar nog Departemente vir Afrikaans-Nederlands aan Suid-Afrikaanse universiteite asook ander instansies, byvoorbeeld De Nederlands Zuid-Afrikaanse Stichting. Dit dien as bewys van 'n "nie-afrikataal-soeke". Tog eis ons vir onself 'n Afrikastatus op. Dit klop nie. Die vraag ontstaan of daar nie na ander dinge gesoek word onder die dekmantel van 'n Afrikataal te wees nie.

Argumente oor taal en struktuur

• Ontlenings van leksikon

Daar is baie min leksikale items by Afrika-tale geleen om enigsins die groei daarheen as aanduiding te laat dien vir die verwerwing van Afrikataalstatus. Die teen-deel is egter waar. Afikatale het op 'n groot skaal by Europese tale geleen, herskep en getransfonologiseer.

• Idiome en spreekwoorde

Uit boeke en geskifte waarin Afrikaanse spreekwoorde en idiome opgeneem is, blyk dat slegs 'n handjievol uit die groot skat van die Afrikatale geneem is. Gaan dit na in een van die baie mooi publikasies wat onlangs verskyn het en sien die eurosentriese herkoms raak. Indien Afrikaans uit Afrikatale geneem is, sou ons die vaardighede gehad het om die volgende idiome en spreuke te verstaan:

Kgaka nthute go sesela, nna lesogo ke tla go ruta go sela tshethho (Setswana).

Tarentaal, leer jy my om mooi heen en weer te hardloop, dan sal ek, fisant, jou leer om duwweeltjies op te pik.

Betekenis: Elkeen het iets om by te dra.

Se bone maje go katogana, bosigo a a etelana (Setswana).

Moenie klippe so van mekaar verwyder sien nie, snags kuier hulle vir mekaar.

Betekenis: Soms word dinge in die geheim gedoen.

Inyathi ibuzwa kubaphambili (Isizulu).

Jy vra waar die buffel is by die mense wat voor loop.

Betekenis: Party is nou maar net meer dapper as ander.

Umtya nethunga (Isixhosa).

Die spantou en die melkammer.

Betekenis: Soos Dawid en Jonathan.

- **Struktuur van Afrikatale**

Afrikaans het feitlik niks uit die struktuur van Afrikatale oorgeneem nie.

Die klankstruktuur dui nie daarop nie. Die foutiewe uitspraak op radio en televisie en op openbare verhoë van persoonsname en plekname in Afrikatale, is 'n bewys dat 'n verkeerde status opgeëis word. Nêrens word die mooi ritmiese patrone van Afrikatale gebruik nie.

Die morfologies samestellende aard van Afrikatale is ook nie aan die orde van die dag nie. Klas- en kategoriedruk wat tipies van Afrikatale is, is nêrens in Afrikaans ter sprake nie – wat nog van die uitgebreide morfologiese struktuur van die werkwoord.

Woordidentifikasie uit Europese tale het in Afrikatale ongekende ortografiese probleme geskep – dit het in werklikheid Afrikatale benadeel.

Verder is daar geen sintaktiese ooreenstemming tussen die tale nie.

Min Afrikaanssprekendes weet hoe daar in Afrikatale getel word, wat die dae van die week genoem word, watter benamings daar vir die maande van die jaar is en dat die siklus nie 'n Januarie/Desemberverdeling is nie en dat dit vir die verskillende Afrikatale ook nie dieselfde is nie. Afrikaans adem eenvoudig nie Afrikatale se aroma nie!

Daar kan nog diepgaande verskille uitgewys word wat toon dat geen ooreenstemmings tussen Afrikaans en Afrikatale, wat struktuur aanbetref, bestaan nie.

Daar kan nog baie meer diepgaande verskille uitgewys word dat daar geen ooreenstemmings tussen Afrikaans en Afrikatale bestaan nie.

Letterkunde

- **Literêre werke**

By die deursnee Afrikaanssprekendes bestaan min kennis van Afrika letterkundige werke in alle genres – miskien hier en daar van diereverhale. Geen name van digters, dramaturge of prosaïste is bekend nie. Daar kan nie eers 'n eenvoudige kinderversie voorgedra word nie. Prysge digte word hoog aangeslaan – moontlik is *Raka* hier 'n voorbeeld. Watter Afrikaners ken die prosaïs Monyaise in Setswana, Matsepe in Sepedi, Nyembezi in IsiZulu, of andere? Talle digvorme soos sonnette en kwatryne in Afrikatale is egter uit euro-sentriese sfere ontleen.

- **Sang en liedere**

Daar is geen kennis of opname van volksliedere, geestelike liedere, werksliedere van Afrikatale in Afrikaans nie. Watter Afrikaanssprekende ken “Seanamarena kobo ya bogadi”/“Manskomers van die bruidskat” of “Serantabole sethibale-tsatsi”/“Rondawel, die son wegkeerder (sambreel)”? Daar is min wat vryuit ons Afrikatalevolkslied kan sing.

Khoi- en Santale

Afrikaans het bloedweinig hieruit ontleen om 'n Khoisanstatus te bevestig – hier en daar is miskien veral plekname teenwoordig. Die sprekers van hierdie tale is in Afrikaanse geleedere opgeneem en hulle praat hulle eie tale vandag bykans nie meer nie.

Bybelvertalings en liedereboeke

In 1830 het 'n vertaling van Lukas in Setswana verskyn. Die volle Bybel in Setswana het alreeds in 1857 verskyn. Ons Afrikaners stry oor psalms en weet nie eers dat daar 400 pragtige skrifgetroue Sionsliedere bestaan nie. Geeneen daarvan is in Afrikaans se skat van liedere opgeneem nie.

Jesu, Jesu ke mmoloki wa ka
Ke a mo rata hoba a nthata
O nkgethetse bodulo

*Jesus is my bewaarder
Ek het Hom lief want Hy is lief vir my
Hy het vir my 'n blyplek uitgekies*

Sosiaal-sosiologiese argumente

Die geestelike aktiwiteite en denke, soos onder andere die kommunale in menswees en medemenslikheid, naamlik ubuntu (Ngunitale) en botho (Sothotale) van Afrikataalsprekendes, het nie in Afrikaanse denke gestalte gekry nie. Die kennis om byvoorbeeld te weet dat bruidskat, lobola is vir Ngunitale en dat dit bogadi is vir Sothotale, is nie deel van die wete van Afrikaanssprekende persone se denk- raamwerk nie.

Die beklemtoning om 'n "Afrika-identiteit en status" te wil verkry en te regverdig, is 'n poging om van allerhande beskuldigings weg te kom, of om 'n staanplek te probeer opeis.

Gevolgtrekkings

Die beklemtoning om veral 'n "Afrika-identiteit en status" te wil verkry en te regverdig, is 'n poging om van allerhande beskuldigings weg te kom of om 'n staanplek te probeer opeis. Deur te wil sê Afrikaans is van Afrika, moet die Afrikaanssprekendes onself meer aanvaarbaar as mense maak. Die Afrikaner vlug weg van ons beeld as kolonialiste, imperialiste en apartiste. Ons is skuldig aan oordrewe nasionalisme wat aan fundamentalisme gegrens het en wil met hierdie tipering die negatiewe daarvan en daaruit afkam. Sosiaal-polities wil ons onself ook nader aan die dampkring van Afrika trek en so bewys dat ons nie werklik *bajelathoko/eenkanteters* was nie. Ons wil nader staan aan mense wat kommunaal dink terwyl ons as "Europeërs" individua-

liste is. Polities was die skoene wat ons aangehad het dié van uitsluiting en nou soek ons akkommodering.

Allerhande forums, groepe en individue probeer om Afrikaans, wat 'n sogenaamde Afrikataal is, uit te bou. Selfs mense wat moes praat toe hulle voor gestap het, praat nou by nabaat. 'n Noord-Sotho spreekwoord beskryf hierdie tendens baie raak:

Pula ge e duma e fetile, e a dumedisa.

As die weer dreun nadat die reën verby is, groet hy net.

Betekenis: Toe daar gepraat moes word, is dit nie gedoen nie.

Afrikaanssprekendes kan nog steeds met Afrikaans as Nederlandse streeksdialek/taal met eer uit die stryd tree. Ons sal ons dan kan skaar by mense wat groter in getal, status en taal is, naamlik Nederlands. Sodoende dink ons dan globaal en nie lokaal nie. Ras- en gepaardgaande tiperings moet uit argumente verwyder word. Ek is bevrees ons sal diep moet grawe met 'n harde stok om ons spore uit die verlede te regverdig en onself mooi te maak. Dit is benoud, maar nie tot die dood toe nie!

Voorheen was een taal in Suid-Afrika bevoordeel Die soeke na en die implementering van tolking mag dalk ook 'n manier wees om die eietaalstatus van Afrikaans op die voorgrond te plaas. Tolking moet eerlik en opreg toegepas word vir alle tale. Dosente moet in enige taal kan doseer en daar moet vir alle tale getolk word indien daar reg en geregtigheid in die wese van hierdie standpunt wil wees. Dit is waar dat finansies dit nie moontlik maak nie en dat dit nie altyd prakties is nie, maar wat reg is vir een taal, is reg vir alle tale – selfs vir Engels!

Kom ons soek ons verlede, neem besit daarvan en val in by die gemeenskaplike bevordering wat hier uitgespel word vir alle tale – juis vir die miskende tale van Afrika. Kom ons staan nader aan mekaar – nader aan ander mense en die tale wat hier in

Suid-Afrika gepraat word en bevorder almal daardeur.

Ons moet ook nou weet en aanvaar:

Bontsi bo ntsha mangana.

Ten slotte

Batho ba lemogana leetong.

Veelheid (by die prooi) laat die nekhare regop staan.

Mense leer mekaar op die reispad ken.

Betekenis: Elkeen moet veg vir sy eie posisie.

Betekenis: Onbekend maak onbemind.

Honiball, Essie. 2010. Ek leef van vrugte – vandag. 2e dr. Helderview: Benedic Boeke. 158 p. ISBN: 978-0-9814408-2-8.

Resensent: S.C. Lourens
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte

Hierdie boek, oorspronklik in 1979 gepubliseer, is pas bygewerk as 2e druk. *Ek leef van vrugte – vandag* vertel die lewensverhaal van Essie Honiball wat uiters swak en siek was nadat sy toring gehad het. Dit vertel van haar moeilike herstelpad nadat sy haar dieet radikaal verander het na 'n dieet van net vrugte en neute. Hoewel dit 'n opdraende stryd was met baie terugslae, 'n terugval na die ou eetpatroon en sosiale verwerping, het sy vasberade voortgegaan met haar dieet. Sy is vandag op 86-jarige leeftyd blakend gesond na liggaam en gees en 'n uitstekende voorbeeld van lewenslus en lewensvreugde.

Behalwe vir die persoonlike mededelings oor haar lewe met die vrugtedieet, bevat die boek ook allerlei ander interessante hoofstukke. Daar word aandag gegee aan 'n verskeidenheid vrae wat ten opsigte van die vrugtedieet gevra word en interessante mededelings van verskeie mense oor hulle pogings en vasbyt met hierdie nuwe lewenswyse en die uiteindelijke waarde wat hulle uit die vrugtedieet gekry het. Mense wat baie lank met oorgewig gesukkel het en suksesvol kon gewig verloor, mense wat aan ernstige of chroniese siektes soos kanker, artritis en depressie gely het, of wat migraine-aanvalle gekry het, of allerlei pyne of skete het en by hierdie dieet baatgevind het, het hiervan getuig. Getuienisse van sukses selfs van Amerika en Engeland is ingesluit. Almal het 'n nuwe lewenstyl ontwikkel wat goed vir hulle liggaam en gees is.

Die verhaal van Herma Loubser is ook inspirerend. Sy het ook ten einde raad met 'n vrugte- en groentedieet begin. Sy het daarmee uitstekend baat gevind vir haar erge artritis, depressie en migraine en met die *Hokaaï*-groep begin. Die Hokaaïers hou konferensies, gee 'n nuusbrief uit en bied ondersteuning aan almal wat graag gesondheid deur hierdie gesonde dieet en lewenstyl wil ervaar.

Die idee van 'n vrugtedieet word in die laaste hoofstuk deur dr. Danie van Velden, 'n geneesheer, wetenskaplik in oënskou geneem en geëvalueer. *Ek leef van vrugte – vandag* is onderhoudend geskryf en lees lekker. Enigeen met gesondheidsprobleme of wat ernstig is oor 'n gesonde lewenswyse sal moontlik by hierdie boek kan leer/baat vind– hetsy deur die dieet te volg, of deur die filosofie dat genesing 'n veranderde leefstyl behels wat positiewe denke, maar ook oefening en 'n dieetingryping insluit.

Verstikkende verkrampde verligtheid

D.C. Coetsee
Stompneusbaai

Die geskiedenis

Ongeveer 40 jaar gelede het die teoloog Willem de Klerk twee ou terme met nuwe betekenis gevul. Hy het die twee oorheersende houdings in die Afrikaanse gemeenskap getipeer as “verkramp” en “verlig”. Dit het gegaan oor uiteenlopende sienings van die werklikheid en hoe dit hanteer moet word.

Die verkrampes wou die status quo handhaaf: apartheid ten alle koste ten opsigte van die politiek; die goeie ou tye ten alle koste vir die geskiedenis, sosiale verhoudings en morele waardes. Die Christelike godsdiens met hulle siening van God en die Bybel was onlosmaaklik deel van hulle waardestelsel en lewenstyl. Die middel vir handhawing van die status quo was veral “beheer” – beheer oor politiek, oor volksee onderwys, oor kommunikasiemedia en kuns en die afweer van volksvreemde invloede in die kerk en samelewing. Die verkramptheid is veroorsaak deur vrees vir die onbekende wat onontkenbaar in aantog was en ontkenning van die noodsaak van aanpassing vir oorlewing in ’n nuwe werklikheid. Sommige Afrikaners het die etiket, verkramp, met trots gedra; ander het hewig geprotesteer as dit om hulle nekke gehang is.

Verkramptheid is veroorsaak deur vrees vir die onbekende wat onontkenbaar in aantog was en ontkenning van die noodsaak van aanpassing vir oorlewing in ’n nuwe werklikheid.

Die verligtes was diegene wat oop was vir vernuwing en verandering. Hulle was oortuig daarvan dat die toentertydse status quo nie gehandhaaf kon word nie – ondanks die verstikkende beheerstrategieë van die verkrampes. Hulle was ten gunste van vernuwing – nie van ’n totale omkering nie. Hulle was nie bang vir die onbekende nie; hulle het uitgesien na ’n beter en nuwe toekoms vir almal. Apartheid moes aangepas word om aan morele en algemeen aanvaarde politieke en regverdigheidsnorme te voldoen. Die Afrikaanse kultuur moes vernuut word: oop vir nuwe sienings en invloede. Vrye meningswisseling moes die normale word; mense moes uit die vrye vloei van inligting self kon leer, dink, oordeel en besluit.

Draadsitters was nie tuis in die ideologies-beheersde en werklikheidsvreemde verlede nie, maar ook nie bereid om alles van die verlede te veroordeel en weg te wens nie.

Die ander groepie: die realiste

Daar was ook ’n tusseningroepie Afrikaners: die realiste met een voet geplant in die klassieke bybelse waarhede en beginsels wat die westerse beskawing en Afrikanerwaardes ten grondslag het; die ander voet was in die les van die geskiedenis: geen menslike onderneming is volmaak nie – al is dit hoë oud en eerbiedwaardig, of hoë nuut en blink.

Hulle was dus die “draadsitters”: nie tuis in die ideologies-beheersde en werklikheids-

vreemde verlede nie, maar ook nie bereid om alles van die verlede te veroordeel en weg te wens nie. Hulle was ook glad nie so seker daarvan dat die verligtheid heeltemal die gewenste resultate sou oplewer en die werklike probleme sou verreken nie. Hulle was intens daarvan bewus dat die eintlike probleem nie rassisme was nie, maar die groot kloof tussen die denkraamwerke van die groep mense wat vanuit die Christelik-westerse kultuur dink en besluit en dié vanuit die tradisionele “Bantoe”-kultuur. Die twee groepe het nie alleen verskillend gedink nie, maar het verskillende en dikwels botsende waardesisteme gehad. Hieruit het noodwendig verskillende maniere van optrede en definiëring en hantering van probleme voortgekom.

Die “draadsitters” het gepleit vir realisme: baie tyd sou nodig wees voordat die botsende denkraamwerke nader aan mekaar beweeg of ’n modus van “naasmekaarbestaan” ontwikkel.

Hulle debatte is gevoer en menings is gelug in obskure blaadjies en boeke met klein opklap. Groot koerante het soms hulle onopspraakwekkende briewe geplaas, maar hulle bydraes het nie naastenby die prominensie gekry van die uitgesproke verkramptes, of die dawerende verligtes nie.

Die nuwe Suid-Afrika

Die viering van vryheid, die onaantasbaarheid van regte, die ideologie van die gelykheid van alle mense, die werklikheid van die reënboognasie het die seël op die uittog van verkramptheid en die inkoms van verligtheid geplaas.

Hoe die stryd tussen verkramptes en verligtes afgeloop het, is geskiedenis: verligtheid het geseëvier; verkramptheid is begrawe. Net soos dinosaurusse nie kon

oorleef nie, het verkramptheid slegs as ’n paar fossiele oorgebly. Twee faktore het die proses versnel: die omkering van die globale politieke landskap deur die ondergang van “Kommunisme” (en die skynbare triomf van “Die Weste”) en die tsoenami van Sekularisme: die mens het mondig geword, het God nie nodig nie, bepaal self die toekoms, het reg op geluk. Hierdie ideologie is gedra deur die populêre media en is gefasiliteer deur die ontploffing in inligtingstegnologie.

Die “onderhandelde Suid-Afrika” van na Kodesa en 1994 het aan die sege van verligtheid gestalte gegee. “Verkrampte” waardes het wel plek-plek uitgeslaan, maar het nooit die prioriteitslys gehaal nie. Die viering van vryheid, die onaantasbaarheid van (veral individuele) regte, die ideologie van die gelykheid van alle mense; die werklikheid van die reënboognasie – dit alles het die seël geplaas op die uittog van verkramptheid en die inkoms van verligtheid. “Beheer” het ’n slegte geur gekry: vryheid in ’n grondwet gewaarborg sou mense werklik vry maak en die ewels deur dwang meegebring sou uitgeskakel wees. “Disipline”, “handhawing van orde” was uit, deel van die verkrampte era. Respek vir almal en welwillendheid was in.

Die geesdrif vir hierdie progressiewe nuwe werklikheid het ten hemele gereik. Suid-Afrika het ’n model vir die wêreld geword, ’n baken van hoop. Mense soos Nelson Mandela en Desmond Tutu het ikone geword van die nuwe bedeling. Nooit weer sou verkramptheid mense aan bande lê nie.

Die geskiedenis herhaal homself

Nou, sewentien jaar later, het die glans van die “verligtheid” aansienlik afgeneem. In plaas daarvan dat die kleure van die reënboognasie begin saamsmelt, lyk dit asof hulle al meer bots. Die triomf van die vryheid begin al meer ontaard in die wet van die oerwoud: alleen die sterkstes is vry – die swakkes (die massas, *the people*) is al minder vry. Daardie ou waardes wat so maklik uitgegooi is, blyk al hoe meer noodsaaklik te wees vir ’n stabiele samelewing. “Respek” en “wel-

willendheid” blyk nou nie spontaan op te kom in die harte, houdings en optrede van mense nie – beheer en dissipline is na alles tog nodig om dit wat uit mense se harte kom, in toom te hou.

Hoe hanteer “verligtheid” hierdie nuwe werklikheid (die dreigende mislukking van “verligtheid”)? Net soos die ou “verkramptheid”: deur beheer. Die skerp punte van onwelkome, maar heersende, werklikhede (in denke, waardes, houdings) word afgemaak as oorblyfsels van verkrampde agterdie-klip-houdings periferaal tot die met vryheiddeurdrenkte reënboognasie.

’n Voorbeeld hiervan is die hantering van die “Reitz-vier” se “barbaarse, rassistiese walgvideo”. Vir so lank as moontlik is elke vierkante sentimeter polities-korrekte hoë grond daaruit gehaal, terwyl enige realis weet dat die vier se bedoeling nie was om swart mense te verneder of dwang op hulle uit te oefen nie, maar wel om die draak te steek met die geforseerde, gemanipuleerde reënboognasie-eenheid sonder in agneming van verskillende denkraamwerke en tradisies. Dieselfde geld vir die prominensie wat verleen word aan die “rassistiese” uitsprake van swart en wit individue: hierdie mense verwoord maar net die werklikhede wat eintlik in die harte van groot dele (miskien die grootste deel?) van die bevolking leef. Sulke uitsprake is dus nie nuus nie – dit is vir elke goeie waarnemer ou nuus. Dit word egter tot nuus gemaak, want dit druis in teen die gewaande werklikheid: ’n reënboognasie waarin hierdie dinge eintlik nie bestaan nie. Wie ook al die werklike werklikheid verwoord (wel wetend en doelbewus, of bloot eerlik en spontaan), kry onverdiende prominensie: ’n nuwe “rassis” is ontdek!

’n Ander voorbeeld: die hantering van klassieke bybelse waardes en werklikhede in die pers. Daar kom geen einde aan die aanvalle op byvoorbeeld Angus Buchan nie – ondanks klaarblyklike verskille tussen hom en die “televangelists” en ander “wolwe in skaapsklere” se strategieë en boodskappe. Kerke wat worstel om God se wil vir die kerk en wêreld uit die Bybel te verstaan en toe te pas, is “irrelevant”: hulle moet “betrokke raak” (by die sekularistiese agenda van die materiële pro-

bleme van die reënboognasie). In die meeste Afrikaanse koerante kom nog “geestelike” rubrieke voor, maar wanneer laas het ’n mens ’n werklik bybelgetroue weerlegging van modernistiese aanvalle (teologies en “wetenskaplik”) op die Bybel en klassieke Christelike geloof gesien? Wat wel dikwels geplaas word, is bydraes van “verligte” teoloë wat lankal die bybelse waarhede (soos byvoorbeeld in klassieke belydenisskrifte verwoord) óf afgeskryf, óf afgewater het. Die bydraes stel nie die leemtes van die verligte sekularistiese verwysingsraamwerk en sy toepassings aan die kaak nie, maar ondersteun die raamwerk eerder. Intussen is daar ’n groot deel van die lesers wat verlang na “die vaste spyse” van die Woord wat ook toepaslik is vir ’n bybelsgefundeerde sosiale en politieke kritiek.

Beheer of eerlike oop debat?

By (wat blykbaar een van die mees-gelese bylaes in die Afrikaanse koerantwêreld is) en wat aanspraak daarop maak dat dit ’n oop en stimulerende forum vir gesprek en meningswisseling is, het in Maart 2011 telkens bydraes geplaas wat erg krities en aanvallend is ten opsigte van tradisionele waardes. Waarom word daar nie ook uitnodigings gerig aan of onderhoude gevoer met opregte en kommunikasievaardige Christen-wetenskaplikes, -politici, -sosiale kommentators en ander kundiges om ’n eerlike debat en uitruiling van inligting moontlik te maak nie? Dit is nie dat sulke persone nie betrokke wil raak nie: hulle het tou opgegooi om bydraes vir die populêre pers te lewer, omdat hulle vrywillige bydraes nie geplaas word nie.

Redakteurs en uitgewers moet beheer uitoefen oor wat gepubliseer word, maar wanneer die beheer in diens staan van ’n verkrampde verligtheid, beroof dit lesers van die moontlikheid van ’n oop debat.

Redakteurs en uitgewers het die verantwoordelijkheid om beheer uit te oefen: nie alles wat aangebied word behoort gepubliseer te word nie. Wanneer sulke beheer egter in diens staan van 'n verstikkende verkrampte verligtheid, berooft dit die lesers, burgers en kiesers van ons land van die moontlikheid van 'n eerlike oop debat.

Dan is verkramptheid weer in beheer – en in die gedaante van verligtheid openbaar dit dieselfde kenmerke as die verkramptheid van 40 jaar gelede.

Packer, J.I. 2010. Om God te ken. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 363 p. Prys: R119,95. ISBN: 987-1-77000-701-7.

Resensent: *Chrissie Reinecke*
Potchefstroom

Om God te ken is 'n vertaling van die Kanadese teoloog J.I. Packer se *Knowing God*, wat oorspronklik in 1973 gepubliseer is. Dit het ontstaan uit 'n reeks artikels wat hy geskryf het vir "n ideale leser wat uitgekuier was met godsdienstigheid, maar God wou ken ...".

Die boek bestaan uit drie hoofafdelings: "Ken die Here", "Hier is jou God!" en "God is vir ons". Agterin is 'n studiegids wat deur die InterVarsity Christian Fellowship saamgestel is. In die eerste afdeling verduidelik Packer waarom ons God moet ken, wat dit beteken om God te ken en hoe ons te werk moet gaan om hierdie kennis te verkry. Van meet af aan beklemtoon hy dat dit nie oor teologiese of teoretiese kennis gaan nie, maar praktiese kennis wat ons na God toe sal lei. Hy benadruk die verskil tussen "God ken en bloot van Hom weet" (p. 28) en die persoonlike aard van die soort kennis waartoe hy ons aanspoor. Die tweede afdeling beskryf die karaktereenskappe van God – sy onveranderlikheid, sy majesteit, sy algenoegsame wysheid, sy Woord as die waarheid, sy liefde en sy genade, maar ook temas waaroor ons minder graag praat, naamlik sy regverdigheid, sy toorn en sy jaloesie. Die derde afdeling is daarop toegespits dat soos wat ons God leer ken, ons al hoe meer van sy seëninge bewus word. Dit is die hart van die evangelie en behels bo alles dat ons deur die dood van Christus met God versoen is en as kinders van God aangeneem is.

Packer se teologiese geskooldeheid word oral in die boek bemark. Talle kerkleiers, bronne, outeurs uit verskillende geestelike strome en denominasies word aangehaal, beaam of weerlê, maar die beredenering is altyd op die Bybel gebaseer en word nooit deur 'n teologiese diskoers oorheers nie. Packer pleit trouens dringend dat ons weer die Bybel sal lees. Hy verwys self deurgaans na talle tersaaklike Bybeltekste of haal hulle aan. In sommige gevalle bespreek hy 'n teks of teksgedeelte volledig om 'n beter insig in 'n tema te bied.

Oor die struktuur van die boek sê Packer: "Op sy beste is dit 'n string krale: 'n reeks kort studies oor gewigtige onderwerpe, waarvan die meeste aanvanklik beplan is ... as losstaande boodskappe", maar hulle word hier aangebied "omdat hulle saamsmelt tot een enkele boodskap oor God en ons lewe" (p. 11). Persoonlik het ek moeisaam koers gekry deur veral die eerste afdeling. Miskien sal ek anders voel as ek met 'n tweede deurlees nader kom aan Packer se ideale leser, maar die losserige struktuur en woordoordaad sal my bly pootjie. In die tweede en derde afdelings volg Packer 'n geykte patroon: hy definieer die onderwerp of tema en verduidelik dit dan puntsgewys, telkens gemotiveer uit die Skrif. Aan die einde van elke onderafdeling is daar 'n praktiese oefening deur 'n reaksie of antwoord van die leser te vra. Die studiegids aan die einde van die boek is 'n waardevolle toevoeging. Nie alleen kan dit met groot vrug deur studiegroepe en kleingroepe gebruik word nie, maar dit help ook om kerngedagtes van bepaalde gedeeltes te identifiseer.

Die tema van die boek is so geweldig en het die harte van soveel mense oor die hele wêreld aangeraak (vergelyk die buiteblad agter) dat dit amper soos heiligs kennis voel om enigsins oor enigiets ongelukkig te wees. Ek dink egter dat 'n ontsluitingsmeganisme soos 'n indeks van trefwoorde (met of sonder aangehaalde tekste) en bladsynommers (en nie net tekste en bladsynommers nie), die praktiese gebruikswaarde van *Om God te ken* aansienlik sal verhoog. Sodoende sal dit 'n snoer van lieflikhede word wat jy elke dag wil dra.

Packer sê dat hy verstom was dat sy boek tot 'n seën vir allerlei soorte mense was wie se profiel hoegenaamd nie met dié van sy ideale leser geklop het nie (p. 8). Hoe jou profiel as leser ook al daar uitsien, die boek sal sekerlik vir jou tot 'n ryke seën wees. Baie van die dinge kan dalk vir jou bekend wees, maar bes moontlik sal jy ook soos die Skrifgeleerde vanmelewe nuwe en ou dinge uit jou voorraad ontdek.

Vos, Cas. 2011. *Duskant die donker / Before it darkens*. In Engels vertaal deur Leon de Kock. Pretoria: Protea Boekhuis. 127 p. Prys: R150,00. ISBN: 978-1-86919-412-3.

Resensent: *Marlies Taljard*
Skool vir Tale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Duskant die donker/Before it darkens is 'n seleksie uit Cas Vos se poësie wat deur Leon de Kock in Engels vertaal is. Benewens enkele nuwe gedigte, bevat hierdie bundel meestal gedigte uit Vos se twee vorige bundels, *Die afdruk van ons hande* (2007) en *Intieme afwesige* (2009). Dit is opmerklik dat baie van die gedigte uit vorige bundels hier in meer of minder gewysigde vorm verskyn – 'n bewys dat die digter die kunswerk as voorlopig, onvoltooid en steeds in proses beskou.

Die vertalings van Leon de Kock is sensitief en kundig gedoen en voeg beslis 'n addisionele betekenislaag tot die brontekste toe, soos in die volgende voorbeeld uit die gedig *Skepping* gesien kan word. *Wie het die duisternis / soos 'n lyk in doeke toegevoeg?* vertaal hy met *Who was it took the body of darkness / and wrapped it in a winding sheet?* waar "body of darkness" beslis dubbelsinnig verstaan kan word en dus die oorspronklike gedig betekenismatig verryk.

Die bundel bevat vyf afdelings wat min of meer die volgende temas verteenwoordig: spirituele besinning; liefde/erotika; besinning oor skryf en kuns; outobiografies; verganklikheid en dood. Soos die titel aandui, val die klem op die verganklikheid en tydelikheid van ons aardse bestaan, voortreflik opgesom deur die slotreëls van die bundel: "... sal jy, my lief, nog my dieper dors kan les / as suster dood kom?"

'n Tema wat hierby aansluit, is dié van skryf, en veral poëtieskryf as teenvoeter teen die dood en die slopingsproses: *Met 'n potlood skryf ek / 'n paar bladsye vol sinne / voor die mot van die tyd dit verniel*. Die skryfproses en die liefde/erotika voer in hierdie bundel 'n simbiotiese bestaan – liefde word dikwels die metafoer vir dig, soos in die gedig "As ek in die slaap": ... *doop ek my pen versigtig / in die nag se donker ink, / vloei woorde oor jou kurwes: / Ek het jou lief*.

Oor die poëtiese struktureeringsproses skryf Johann de Lange in die “Inleiding”: “Vos skryf ’n afgeronde, klassieke soort vers met tradisionele bindingsmiddele soos rym en ritme.” Hoewel hierdie bundel enkele verwysings na klassieke werke bevat; soos in die slotgedig (... *sal ek die odusseia op reis na die ver land / lees en wag vir amandelbome om te bloei* ...), blyk Vos se skatpligtigheid aan antieke en klassieke tekste veral uit sy vormgewing. Invloede van antieke tekste vind ons veral in sy gebruik van poëtiese strategieë wat hierdie tekste kenmerk. So is die openingsgedig, “Skepping”, byvoorbeeld opgebou uit ’n aantal anafore (oopenstapelings): *Wie het die hemelruim opgehang / soos ’n spieël wat in die nag vlam? (...) Wie het die duisternis / soos ’n lyk in doeke toegevou? / Wie het die klokke vir eerste lig gelui?* Parallelisme sowel as inclusio kom voor in die gedig “Ondergang” waarin die reëls *Hoe het ons mekaar nie ontwig nie! Hoe het ons mekaar nie vermink nie!* die begin en slot van die gedig uitmaak.

Die digter se beheersing van vaste poëtiese vorms soos onder andere die sonnet en die vilanelle val in hierdie bundel op. Hy pas hierdie vorme op gesofistikeerde wyse aan om uitdrukking te gee aan sy poëtiese inhoude, soos in “Elegie”, ’n omdigting van Psalm 22, die twee sonnette “Aan flarde” en “Vere in die wind” wat op besondere wyse op mekaar inspeel deur verskillende kante van dieselfde problematiek te belig, asook “Vilanelle vir die oudag”. Balans en fyn aanvoeling vir die ambivalente aard van die woord kenmerk, soos altyd, ook die gedigte in hierdie bundel

Vos se voorliefde vir skryf oor visuele kunswerke blyk uit die vyf beeldgedigte, “Die hand”, “Wingerde van Arles”, “Misinterpreted”, “Kate Moss” en “Il Gigante” wat in Afdeling 3 opgeneem is. Wanneer hy hierdie werke deur middel van die poëtiese genre interpreteer, infiltrer hy in wese hierdie kunswerke op postmodernistiese wyse met ’n nuwe stem en kom ’n nuwe kunswerk sodoende tot stand. Hierdeur word klem gelê op die oop, gelaagde, veelvlakkige en grensoorskrydende aard van die kunswerk, soos byvoorbeeld ook geskied wanneer hy in die gedig “Reis” sy bronne, die *Ilias* en die *Odusseia*, bekendmaak.

Hoewel Vos se gedigte op die oog af helder en transparant mag lyk, lê daar onder die oppervlak ’n kompleksiteit aan die wortel daarvan wat met vreugde en verwondering deur die kenner ontgin kan word. Tog bly sy gedigte steeds vir gewone poësielesers verstaanbaar – en nou is ’n deel van dié oeuvre ook vir Engelstalige lesers toeganklik deur De Kock se vertalings!

Huygen, Wil. 2010. Die oproep van die kabouters. Pretoria: Protea Boekhuis.
[212 p.] Prys: R195,00. ISBN: 978-1-86919-349-2.

Resensent: S.C. Lourens
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte

Hierdie boek is ’n opvolg van *Die lewe en werke van die kabouters*. Soos die skrywer vertel, het die kabouters wel toestemming gegee dat die vorige boek vyf jaar vantevore gepubliseer word, nadat dit goed gesensureer is. Tog was daar blykbaar sekere kras aantygings of onthullings gemaak – veral oor die Siberiese kabouters – wat ongelukkigheid en gekrenktheid veroorsaak het.

Die Siberiese kabouters het besluit om die skrywers, Wil Huygen en Rien Poortvliet, in Siberië voor die regbank te daag. Mirko, ’n ou kaboutervriend van hulle in Lapland, moes ’n oproep van die kabouters aan hulle stuur om na Lapland te kom. Daar is hulle so klein soos

kabouters gemaak. Daarna sou Nicolaj vanaf Siberië kom om die twee te kry en na Siberië te vergesel. Op pad daarheen sou hy as vrederegter hulle gedrag bestudeer en aan die koning rapporteer. Die koning het aan hom die reg gegee om te besluit of hulle vervolg moet word en of die regsak teen hulle laat vaar moes word. Gelukkig het Nicolaj hulle op die reis goed leer ken en aanbeveel dat hulle weer mag huis toe gaan sonder dat die regsak deurgevoer word. Hieraan was egter drie voorwaardes gekoppel.

Wil en Rien moes die beledigende opmerkings oor die Siberiërs in hulle volgende boek terugtrek, ook is hulle bekwaamheid ten opsigte van kaboutersake twee keer getoets. As 'n spesiale opdrag moes hulle wanneer hulle weer tuis is 'n ernstige poging aanwend om mense van die natuur en hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die bewaring van en oordeelkundige saamleef met die natuur sowel as sy diere en plante bewus te maak. Hulle is weer na hulle normale grootte terugverander en kon die terugreis per trein aanpak.

Die oproep van die kabouters is 'n vertelling van hulle wederverarings gedurende die reis na Lapland, Siberië en weer terug na Nederland. Soos in die eerste boek, is nog meer interessante feite oor die leefwyse van die kabouters (en trolle en diere) tussendeur ingewerk. By Mirko moes hulle wag op Nicolaj se koms en het toe die geleentheid gekry om sekere dele van die kabouters se Geheime Boek onder oë te kry.

Hulle reis van meer as 3 000 km saam met Nicolaj was opwindend en interessant, maar soms ook gevaarlik en vreesaanjaend: op 'n slee getrek deur lemmings, op die rug van 'n poolvos, 'n eland, in 'n lugballon en oor die ysvlakte van die Noordpool saam met 'n Jeti ('n verskriklike sneeuman). Hulle het ook 'n draai gemaak by die poolkabouters wat in iglo's bly en by Klaas Vakie, die oudste kabouter. Klaas Vakie het uiteindelik hulle groot opdrag aan hulle gegee. Hulle moet die draak van besoedeling, die wêreldbedreigende monster met sy sewe koppe, van kant help maak, anders gaan van die wêreld niks oorbly nie.

Behalwe dat interessante kennis oor kabouters meegedeel word en die boek 'n merkwaardige reisverhaal bevat, het die boek 'n duidelike ("groen") bewaringsboodskap: "[d]at die mens die aarde gaandeweg verwoes en sal moet breek aandraai as hy hoegenaamd nog sy wonderlike leefwêreld wil behou".

WOORD & DAAD op die internet! /

WORD & ACTION on the internet!

http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html

Gebruikersnaam en wagwoord kan aangevra word by:

UserID and password can be obtained from:

Erika.Otto@nwu.ac.za

